(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate of not less than double his wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(b) pay the employee at a rate of not less than one and one-third times his wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Subclauses (2) and (3) shall not apply to—

(a) an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (10) *(a)*;

(b) a casual employee.

9. Piece-Work and Commission Work

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, other than a traveller, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (5), such employer shall pay his employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(a) in the case of an employee other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had the employee been remunerated on the basis of time worked;

(b) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1) or he may in lieu thereof supply every employee engaged on piece-work with a letter signed by himself, or on his behalf, setting out the said rates.

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give notice for a period not shorter than that agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

(4) *Voorbehoudsbepalings.*—Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(a) op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes wat minstens gelyk is aan dié wat die werknemer self bydra, aan 'n fonds of organisasie betaal wat die werknemer aanwys en wat die werknemer waarborg dat, in geval van sy ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydkring van 24 maande diens aan hom betaal sal word, behalwe dat, gedurende die eerste 24 maande wat die werknemer bydraes betaal, die gewaarborgde koers verlaag kan word maar nie tot minder nie as die aanwaskoers vermeld in voorbehoudsbepaling (i), gelees met voorbehoudsbepaling (ii), van subklousule (1);

(b) ten opsigte van 'n tydperk van ongeskiktheid van 'n werknemer aan wie die werkgewer ingevolge enige ander wet verplig is om hom ten minste sy volle loon te betaal.

8. Openbare Feesdae en Sondae

(1) Behoudens klousules 4 (5) en 6 (2), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens die bepalings van klousule 4 (5) vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy werkloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer altesaam op so 'n dag gewerk het: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, daar geag word dat hy vier uur gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(a) die werknemer—

(i) indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal;

(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy loon ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon betaal, en wel die bedrag wat die grootste is; òf

(b) hom teen minstens een en 'n derde maal sy loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof verleen en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(4) Subklousules (2) en (3) is nie van toepassing nie op—

(a) 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (10) *(a)* van die werkurebepalings uitgesluit is;

(b) 'n los werknemer.

9. Stukwerk en Kommissiewerk

(1) 'n Werkgewer kan, nadat hy minstens een week vooraf kennis aan sy werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger, gegee het 'n stukwerkstelsel invoer, en sodanige werkgewer moet, behoudens die bepalings van klousule 4 (5), sy werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, besoldig teen die tariewe wat ooreenkomstig sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, die werknemer moet betaal—

(a) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie week sou moes betaal het as hy die werknemer 'n tydloon betaal het;

(b) in die geval van 'n los werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die besoldiging in subklousule (1) bedoel, op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou of hy kan in plaas daarvan aan elke werknemer wat stukwerk verrig, 'n brief gee, deur homself of namens hom onderteken, waarin genoemde besoldiging uiteengesit word.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die besoldiging wat daarvolgens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet aan sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk, minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingtermyn ooreen kan kom, en in so 'n geval mag die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis gee nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

(5) A traveller who by agreement with his employer undertakes commission work shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(a) the weekly or monthly wage payable to such traveller and the rate or rates of the commission and the conditions of entitlement thereto;

(b) the day of the week or month on which commission earned is due and payable;

(c) the area in which such traveller is required or permitted to work;

(d) the type, description, number, quantity or value of orders (individual, weekly, monthly or otherwise) which the employer is from time to time prepared to accept; and

(e) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work-day of the month succeeding the month during which employment was terminated.

(6) Save as provided in clause 4 (5), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work remuneration at not less than the rate or rates agreed upon between them.

(7) Clause 4 (1) shall not apply to commission due in terms of this clause. The payment of such commission shall be made on the day stipulated in the agreement entered into in terms of subclause (5).

(8) An employer shall not require or permit his traveller to undertake any work for him on the basis of commission only. Any amount payable to a traveller as commission under an agreement catered into in terms of subclause (5) shall be aside from and in addition to the wage prescribed in clause 3 (1) or the wage agreed upon in terms of subclause (5) where such wage is higher than that prescribed in clause 3 (1).

(9) An employer or a traveller who intends to cancel, or to negotiate for the alteration of an agreement in regard to commission work, shall give written notice of such intention, and the period of such notice shall be not less than nor run concurrently with that required to terminate the contract of employment of such traveller in terms of clause 12.

10. Ratio

(1) An employer shall not employ a learner unless he has in his employ a qualified employee of the same class and for each such qualified employee in his employ he shall not employ more than three such learners: Provided that this subclause shall not apply to an employer for a period of four years calculated from the date he first commences operations in any magisterial district in which this determination applies, but this proviso shall not apply where he commences operations as the result of a takeover by him, by purchase or otherwise, of an existing establishment in such district.

(2) For the purposes of this clause—

(a) an employer or a manager who is wholly or mainly engaged in the work of any particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in such class;

(b) a learner who is receiving a wage of not less than the wage prescribed for a qualified employee of his class may be deemed to be a qualified employee in that class.

11. Uniforms, Overalls and Protective Clothing

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee, and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to wash or wash and iron any such uniform, overall or protective clothing in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 60 cents every week.

12. Termination of Contract of Employment

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work-day's,

(b) after the first four weeks of employment, not less then one week's

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(aa) in the case of one work-day's notice, the daily wage the employee is receiving at the time of such termination;

(5) 'n Handelsreisiger wat volgens 'n ooreenkoms met sy werkgewer kommissiewerk onderneem, moet, voordat sodanige werk begin, deur sy werkgewer voorsien word van 'n juiste kopie van die ooreenkoms of 'n verklaring wat die bepalings van die ooreenkoms bevat en wat moet insluit—

(a) die week- of maandloon aan sodanige handelsreisiger betaalbaar, asook die kommissietarief of -tariewe en die voorwaardes waarop hy die reg daarop verkry;

(b) die dag van die week of maand waarop die verdiende kommissie verskuldig en betaalbaar is;

(c) die gebied waarin daar van sodanige handelsreisiger vereis word of hy toegelaat word om te werk;

(d) die tipe, beskrywing, getal, hoeveelheid of waarde van die bestellings (individueel, weekliks, maandeliks of hoe ook al) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om te aanvaar; en

(e) die dag waarop die kommissie op bestellings wat die werkgewer voor die beëindiging van die dienskontrak aanvaar het, betaal moet word: Met dien verstande dat sodanige betaaldag uiterlik die laaste werkdag moet wees van die maand wat volg op die maand waarin die diens beëindig is.

(6) Behoudens die bepalings van klousule 4 (5), moet 'n werkgewer sy handelsreisiger wat kommissiewerk onderneem, minstens die besoldiging betaal waaroor hulle ooreengekom het.

(7) Klousule 4 (1) is nie van toepassing op kommissie verskuldig kragtens hierdie klousule nie. Sodanige kommissie moet betaal word op die dag soos bepaal in die ooreenkoms wat aangegaan is kragtens subklousule (5).

(8) 'n Werkgewer mag nie van sy handelsreisiger vereis of hom toelaat om werk vir hom te onderneem op die grondslag van kommissie alleen nie. Kommissie betaalbaar aan 'n handelsreisiger volgens 'n ooreenkoms wat deur hulle aangegaan is kragtens subklousule (5), is benewens en bykomend by die loon voorgeskryf in klousule 3 (1) of die loon waartoe ooreengekom is kragtens subklousule (5), waar sodanige loon hoër is as dié voorgeskryf in klousule 3 (1).

(9) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat voornemens is om 'n ooreenkoms in verband met kommissiewerk op te sê of oor 'n wysiging daarvan te onderhandel, moet van sodanige voorneme skriftelik kennis gee, en die termyn van sodanige kennisgewing mag nie korter wees nie as, en nie saamval nie met dié wat by klousule 12 vir die beëindiging van die dienskontrak van so 'n handelsreisiger vereis word.

10. Getalsverhouding

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n leerling in diens neem nie, tensy hy 'n gekwalifiseerde werknemer van dieselfde klas in diens het en vir elke sodanige gekwalifiseerde werknemer in sy diens mag hy hoogstens drie sodanige leerlinge in diens neem: Met dien verstande dat gedurende 'n tydperk van vier jaar, gereken vanaf die dag waarop 'n werkgewer vir die eerste keer begin met sy werksaamhede in 'n landdrosdistrik waarin hierdie Vasstelling van toepassing is, hierdie subklousule nie op hom van toepassing is nie, maar hierdie voorbehoud is nie op 'n werkgewer van toepassing nie waar hy met sy werksaamhede begin as gevolg van 'n oorname deur hom deur die koop of andersins, van 'n bestaande bedryfsinrigting in sodanige landdrosdistrik.

(2) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) mag 'n werkgewer of 'n bestuurder wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n besondere klas werknemer verrig, as 'n gekwalifiseerde werknemer van sodanige klas geag word;

(b) mag 'n leerling wat 'n loon ontvang minstens gelyk aan die loon wat vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas voorgeskryf is, as 'n gekwalifiseerde werknemer van daardie klas geag word.

11. Uniforms, Oorpakke en Beskermende Klere

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou, en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform, oorpak of beskermende klere te was of te was en te stryk en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 60 sent per week betaal.

12. Beëindiging van die Dienskontrak

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(aa) in die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ab) in the case of one week's notice, the weekly wage the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of proviso (ii) to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any workday: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave in terms of clause 6 or any period of military training or service which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave in terms of clause 7 or owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (4) *(a)* or *(b)* amounting in the aggregate to not more than 10 weeks in any one year.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that where an employer has so appropriated an amount in lieu of notice, the employee shall for the purposes of clause 6 (5) be deemed to have paid the employer in lieu of notice.

13. Certificate of Service

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall, upon termination of any contract of employment, furnish the employee with a certificate of service substantially in the following form showing the full names of the employer and of the employee, the class of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the weekly wage of the employee on the date of such termination.

Certificate of Service

I/We *(a)* .....
carrying on trade in the Clothing and Knitting Industry at .....
hereby certify that .....
was employed by me/us *(a)* from the .....
day of .....19... to the .....
day of .....19... as *(b)* .....
At the termination of employment his/her *(a)* wage was .....
.....rand.....cents per week
Date .....

Signature of employer or authorised representative

(a) Delete whichever inapplicable.
(b) State class in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, machinist, general worker.

14. Prohibition of Employment

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

15. Log-Book

(1) An employer shall provide his driver or his part-time driver with a log-book as nearly as practicable in the following form:

(ab) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weeksloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie; met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie."

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge voorbehoudsbepaling (ii) van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende, 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding of diens wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957 ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 of as gevolg van ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in klousule 7 (4) *(a)* of *(b)* en wel tot 'n totaal, in enige jaar, van hoogstens 10 weke, kennis gegee mag word nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie vasstelling kan 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat by sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie vasstelling skuld, hom 'n bedrag van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat waar 'n werkgewer hom sodanige bedrag in plaas van kennisgewing deur die werknemer toe-eien, die werknemer geag word die werkgewer te betaal het in plaas van kennis te gegee het.

13. Dienssertifikaat

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die volgende vorm het en wat die volle name van die werkgewer en die werknemer, die klas van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die weekloon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld.

Dienssertifikaat

Ek/Ons *(a)* .....
wat die Klerasie- en Breinywerheid .....
beoefen te .....
verklaar hierby dat .....
in my/ons *(a)* diens was van die .....dag
van .....19... tot die .....dag
van .....19... as *(b)* .....
By diensbeëindiging was sy/haar *(a)* loon .....rand
..... sent per week.
Datum .....

Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger

(a) skrap wat nie van toepassing is nie.
(b) Meld die klas waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, masjienwerker, algemene werker.

14. Verbod op Indiensneming

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

15. Logboek

(1) 'n Werkgewer moet sy drywer of sy deeltydse drywer voorsien van 'n logboek wat sover doenlik die volgende vorm het:

DAILY LOG

Name of employer .....
Name of driver/part-time driver .....
Date .....
Time of starting work .....
Time of finishing work .....
Number of hours worked .....
Meal hours from ..... to .....
Particulars of any accident or delay .....
.....
.....
Date ..... 19 ....
Signature of driver/
part-time driver

(2) Every driver or part-time driver shall, in the log-book referred to in subclause (1), keep a daily log in duplicate in respect of each day's work and shall within 24 hours of the completion of the day's work to which it relates deliver a copy thereof to his employer, and for the purposes of this clause the expression "work" in relation to a part-time driver shall refer only to "driving a motor vehicle" as defined in the definition of this class of employee.

(3) Every employer shall retain the copy of the daily log, which in terms of subclause (2) has been delivered to him, for a period of three years subsequent to such delivery.

NOTE.—In terms of section 18 of the Wage Act, 1957, the Wage Determination in the above Schedule supersedes Wage Determination 345, published under Government Notice R.1581 of 8 September 1972, as amended by Government Notice R.1266 of 8 July 1977.

R.1038] [22 May 1981

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

CLOTHING AND KNITTING INDUSTRY, REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

I, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister of Manpower Utilisation, hereby in terms of section 22 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Wage Determination for the Clothing and Knitting Industry, Republic of South Africa, published under Government Notice R.1037 of 22 May 1981, to be, on the whole, not less favourable to the employees whose hours of work and remuneration in respect of overtime, public holidays and work on Sundays and public holidays are regulated thereby, than the relative provisions of the said Act.

S. P. BOTHA,
Minister of Manpower Utilisation

DAAGLIKSE LOG

Naam van werkgewer .....
Naam van drywer/deeltydse drywer .....
.....
Datum .....
Tyd waarop werk begin het .....
Tyd waarop werk opgehou het .....
Getal ure gewerk .....
Etenstye van ..... tot .....
Besonderhede omtrent enige ongeluk of vertraging .....
.....
.....
Datum ..... 19 ....
Handtekening van drywer
deeltydse drywer

(2) Elke drywer of deeltydse drywe moet in die logboek in subklousule (1) bedoel, oor elke dag se werk 'n daaglikse log in duplo hou en binne 24 uur na voltooiing van die dag se werk waarop dit betrekking het, 'n kopie daarvan by sy werkgewer indien, en by die toepassing van hierdie klousule slaan die uitdrukking „werk" ten opsigte van 'n deeltydse drywer slegs op „'n motorvoertuig dryf" soos dit in die woordomskrywing van hierdie klas werknemer omskryf word.

(3) Elke werkgewer moet die kopie van die daaglikse log wat ingevolge subklousule (2) by hom ingedien is, drie jaar lank na sodanige indiening bewaar.

KENNISGEWING.—Kragtens artikel 18 van die Loonwet, 1957, vervang die Loonvasstelling in die bostaande Bylae Loonvasstelling 345, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.1581 van 8 September 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R.1266 van 8 Julie 1977.

R.1038] [22 Mei 1981

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

KLERASIE- EN BREINYWERHEID, REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Ek, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bepalings van die Loonvasstelling vir die Klerasie- en Breinywerheid, Republiek van Suid-Afrika, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.1037 van 22 Mei 1981, oor die algemeen vir die werknemers wie se werkure en besoldiging ten opsigte van oortyd, openbare feesdae en werk op Sondae en openbare feesdae daarby gereël word, nie minder gunstig is nie as die desbetreffende bepalings van genoemde Wet.

S. P. BOTHA,
Minister van Mannekragbenutting

University of Fort Hare
Together in Excellence

CONTENTS

Department of Manpower Utilisation

GOVERNMENT NOTICES

No.		Page
R.1037	Wage Act, 1957: Wage Determination 407: Clothing and Knitting Industry, Republic of South Africa	1
R.1038	Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Clothing and Knitting Industry, Republic of South Africa ..	22

INHOUD

Departement van Mannekragbenutting

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No.		Bladsy
R.1037	Loonwet, 1957: Loonvasstelling 407: Klerasie- en Breinywerheid, Republiek van Suid-Afrika	1
R.1038	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Klerasie- en Breinywerheid, Republiek van Suid-Afrika	22

University of Fort Hare
Together in Excellence

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2908/13 000
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2908/13 000


University of Fort Hare
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3200 PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit) REGULASIEKOERANT No. 3200

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 40c BUITELANDS *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

VOL. 191] CAPE TOWN, 22 MAY 1981 [No. 7591

KAAPSTAD, 22 MEI 1981

GOVERNMENT NOTICES

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R.1039] [22 May 1981

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 408

METAL CONTAINERS AND ALLIED PRODUCTS INDUSTRY, CERTAIN AREAS

By direction of the Minister of Manpower Utilisation it is hereby notified, in terms of section 14 (2) of the Wage Act, 1957, that the Minister under the powers vested in him by section 14 (1) of the said Act, has made the Wage Determination in the Schedule hereto in respect of the Metal Containers and Allied Products Industry, Certain Areas, and has fixed the second Monday after the date of publication of this notice as the date from which the provisions of the said Wage Determination shall be binding.

SCHEDULE

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION

(a) This determination shall apply to all the employers and all their employees, other than managers, in the Metal Containers and Allied Products Industry in the following areas:

Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Goodwood, Paarl, Port Elizabeth, Simonstown, Uitenhage and Wynberg and the municipal area of East London;

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R.1039] [22 Mei 1981

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 408

METAALHOUER- EN AANVERWANTE PRODUKTENYWERHEID, SEKERE GEBIEDE

In opdrag van die Minister van Mannekragbenutting, word hierby ingevolge artikel 14 (2) van die Loonwet, 1957, bekendgemaak dat die Minister kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 14 (1) van genoemde Wet, die Loonvasstelling wat in die Bylae hiervan verskyn ten opsigte van die Metaalhouer- en Aanverwante Produktenywerheid, Sekere Gebiede, gemaak en die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing bepaal het as die datum waarop die bepalings van genoemde Loonvasstelling bindend word.

BYLAE

1. GEBIED EN OMVANG VAN DIE VASSTELLING

(a) Hierdie vasstelling is van toepassing op alle werknemers, uitgesonderd bestuurders, en op die werkgewers van sodanige werknemers in die Metaalhouer- en Aanverwante Produktenywerheid in die volgende gebiede:

Kaapprovinsie.—Die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Paarl, Port Elizabeth, Simonstad, Uitenhage en Wynberg en die munisipale gebied Oos-Londen;

University of Fort Hare
Together in Excellence

Natal.—The Magisterial Districts of Durban, Inanda and Pinetown;
Orange Free State.—The Magisterial District of Sasolburg;
Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria and Wonderboom.

(b) For the purposes of this determination—

(i) "Metal containers and allied products industry" means the Industry in which employers and employees in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, are associated for the purpose of manufacturing by means of mass production machine processes metal containers or allied products or both and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforementioned activities but does not include the manufacturing of travelling trunks or other containers designed to hold personal effects;

(ii) "metal container" means a plain or lithographed article designed for the packing for transport or sale of products and capable of being closed by means of a lid or cap or any other type of closure, and manufactured from sheetmetal or by extrusion from non-ferrous slugs;

(iii) "allied products" means plain or lithographed—

(aa) containers, other than those described in the definition of "metal container" manufactured from sheetmetal;

(ab) lids, caps or other types of closures, manufactured from sheetmetal for closing or sealing of containers whether or not such lids, caps or other types of closures are intended for use in connection with containers manufactured from sheetmetal;

(ac) waiters' trays, toys, hand sprayers for household or domestic use, or other articles, manufactured from tinplate with a thickness of not more than 0,416 millimetres;

(iv) "sheetmetal" means sheetmetal with a thickness of not more than 2,108 millimetres.

Natal.—Die landdrosdistrikte Durban, Inanda en Pinetown;
Oranje-Vrystaat.—Die landdrosdistrik Sasolburg;
Transvaal.—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria en Wonderboom.

(b) Vir die doeleindes van hierdie vasstelling beteken—

(i) „Metaalhouer- en Aanverwante Produktenywerheid" die nywerheid waarin werkgewers en werknemers, in bedryfsinrigtings wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is, met mekaar geassosieer is met die doel om metaalhouers of aanverwante produkte of albei deur middel van massaproduksie masjienprosesse te vervaardig, en omvat dit ook alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bydrywighede in verband staan of daaruit voortspruit, maar nie ook die vervaardiging van reiskoffers of ander houers wat ontwerp is om persoonlike eiendom te hou nie;

(ii) „metaalhouer" 'n gewone of gelitografeerde artikel wat ontwerp is vir die verpakking vir vervoer of verkoop van produkte, en wat deur middel van 'n deksel of dop of enige ander toemaakmiddel toegemaak kan word, en wat van plaatmetaal of deur middel van uitpersing van nie-ysterhoudende ru-metaal vervaardig is;

(iii) „aanverwante produkte" gewone of gelitografeerde—

(aa) houers, uigesonderd dié wat in die woordomskrywing van „metaalhouer" omskryf is, wat van plaatmetaal vervaardig is;

(ab) deksels, doppe of ander tipes toemaakmiddels wat van plaatmetaal vervaardig is, vir die toemaak of verseëling van houers, afgesien daarvan of sodanige deksels, doppe of ander tipes toemaakmiddels bedoel is vir gebruik in verband met houers wat van plaatmetaal vervaardig is, of nie;

(ac) kelnerskinkborde, speelgoed, handsproeiers vir huis- of huishoudelike gebruik, of ander artikels vervaardig van tinplaat wat nie dikker as 0,416 millimeter is nie;

(iv) „plaatmetaal" plaatmetaal met 'n dikte van hoogstens 2,108 millimeter.

University of Fort Hare
Together in Excellence

2. Definitions

Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and for the purposes of this determination an employee shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged; further unless inconsistent with the context—

(1) *apprentice* means an employee as defined in the Apprenticeship Act, 1944, and includes a trainee under the Training of Artisans Act, 1951; (65)

(2) *artisan* means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan, and for the purposes of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section 6 of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section 2 (7) or section 7 (3) of the said Act; (1)

(3) *assistant foreman* means an employee who, under the general supervision of a foreman or a technical manager performs any of the duties of a foreman and who may act for the latter during his absence; (3)

(4) *assistant setter-up* means an employee who, under the supervision of an artisan, a foreman, an assistant foreman or a setter-up, is engaged in any of the duties of a setter-up; (2)

(5) *body-maker attendant* means an employee who attends an open-top canmaking machine and who, in the process of canmaking, is responsible for the activities commencing with the automatic slitting and ending with the body soldering operations; (30)

(6) *boiler attendant* means an employee who, under general supervision maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler; (32)

(7) *canmaker* means an employee who sets and adjusts machines or equipment on an open top, beverage or aerosol can line and who is responsible for the quantity and quality of the production on such line or lines; (29)

(8) *canteen assistant* means an employee who is engaged in selling goods or food to employees in a canteen in an establishment and who may operate a till; (20)

2. Woordomskrywing

Tensy die sinsverband anders aandui, het elke uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en vir die doeleindes van hierdie vasstelling word 'n werknemer geag in die klas te wees waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik diens doen; verder, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

(1) *ambagsman* 'n werknemer wat werk doen wat in die reël deur 'n geskoolde ambagsman verrig word, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking „geskoolde ambagsman" iemand wat sy leertyd uitgedien het in 'n bedryf wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word aangewys te wees, of wat in besit is van 'n vaardigheidsertifikaat deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik ingevolge artikel 6 van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of 'n sertifikaat deur genoemde Registrateur aan hom uitgereik ingevolge òf artikel 2 (7) òf artikel 7 (3) van genoemde Wet; (2)

(2) *assistent-steller* 'n werknemer wat onder die toesig van 'n ambagsman, 'n voorman, 'n assistent-voorman of 'n steller enige van die pligte van 'n steller verrig; (4)

(3) *assistent-voorman* 'n werknemer wat, onder die algemene toesig van 'n voorman of tegniese bestuurder, enige van die pligte van 'n voorman verrig en wat gedurende laasgenoemde se afwesigheid namens hom kan optree; (3)

(4) *baanaflosser* 'n werknemer wat spesifiek werksaam is by 'n monteer- of produksiebaan of -bane van 'n bedryfsinrigting om 'n masjienoperateur of 'n masjienbediener van sodanige baan of bane af te los; (43)

(5) *baanleier* 'n werknemer wat spesifiek by 'n monteer- of produksiebaan of -bane aangestel is om enige werknemer graad I, werknemer graad II of werknemer graad III by sodanige baan of bane af te los, en wat daarvoor verantwoordelik is dat sodanige werknemer sy werk doeltreffend verrig en van wie ook vereis kan word om produksiesyfers op die baan aan te teken, baanwerkers se kloknommers vir doeleindes van oortydwerk aan te teken, rekwisisies uit te skryf vir onderdele, werkmateriaal na te gaan en soldeersel te weeg wat nodig is vir gebruik op sy baan of bane; (41)

(6) *bedekkingsmasjienbediener* 'n werknemer wat 'n bedekkingsmasjien en oond bedien by die verlakking, vernis of bedekking van tinplaat, plaatmetaal, stewige silindriese houers of sagte buise; (14)

(9) *canteen cook* means an employee who is engaged in cooking or otherwise preparing meals for employees for consumption in the establishment; (19)

(10) *casual employee* means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week; (42)

(11) *chauffeur* means an employee, other than a traveller's assistant, who is engaged in driving a power-driven motor vehicle which is intended to carry passengers and used for the conveyance of his employer or of clients, employees or visitors and which may be used for the conveyance of documents or parcels; (14)

(12) *clerk* means an employee who is engaged in writing, typing, filing or in any other form of clerical work and includes a cashier, storeman, despatch clerk and a telephone switchboard operator, but does not include a factory clerk or any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work; (33)

(13) *clerical assistant* means an employee who, under the supervision of a clerk, performs any one or more of the following activities:

(a) Adding or subtracting, also with the aid of a machine;
(b) calculating wages;
(c) filing documents according to written instructions or a list in alphabetical or numerical order or according to colour;
(d) transferring names and addresses from completed documents to envelopes, labels or circulars in another manner than on a typewriter;
(e) transferring particulars into registers in another manner than on a typewriter;

and who may generally assist a clerk; (34)

(14) *coating machine operator* means an employee who operates a coating machine and oven in the lacquering, varnishing or coating of tin plate, sheetmetal, rigid cylindrical bodies or collapsible tubes; (6)

(15) *commission work* means any system under which a traveller's remuneration is calculated on the value or number of orders submitted by him to and accepted by his employer; (35)

(16) *cupper attendant* means an employee who operates coil handling equipment and attends to a press cupping machine on a two piece can line and who may record the coil consumption and production of such equipment and machine; (51)

(17) *day* means the period of 24 hours from midnight to midnight: Provided that in the case of a shift worker, it shall mean a period of 24 hours reckoned from the time such an employee commences work; (15)

(18) *despatch clerk* means an employee who is responsible for the despatch or the packing of goods for transport or delivery and who may supervise the assembling, checking, mass-measuring, packing, marking, addressing or despatching of goods or packages; (66)

(19) *drawn and wall-ironed two piece container* means a container of a body thickness of less than 0,4 millimetres manufactured only from the drawing out and wall ironing of a sheetmetal (tinplate) disc but does not include any two piece container manufactured by any other process of forming or by extrusion from non-ferrous slugs; (25)

(20) *driver of a motor vehicle* means an employee, other than a chauffeur or a duty driver or a traveller's assistant, who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purposes of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive; (17)

(21) *duty driver* means an employee who, in addition to his ordinary duties and outside the hours of work connected with such duties, conveys watchmen or maintenance staff or other employees who are required to do or have done overtime or night shift work by motor vehicle to and from an establishment; (16)

(22) *emergency work* means—

(a) any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence, theft or a breakdown of plant or machinery, or a breakdown or threatened breakdown of buildings, must be done without delay;
(b) any work in connection with the overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours;
(c) any work in connection with the loading or unloading of—
(i) ships;
(ii) trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours;
(iii) vehicles used by a cartage contractor in the fulfilment of his contract as such with the South African Railways and Harbours; (48)

(23) *endmaker* means an employee who sets or adjusts machines or equipment manufacturing ends for open top, beverage or aerosol containers, who effect running adjustments and repairs on such machines or equipment and who is responsible for the quantity and quality of the production on such machines; (10)

(24) *engineering operative* means an employee who has been trained in work normally performed by an artisan but who has not served an

(7) *bediener van 'n mobiele hystoestel* 'n werknemer wat werk met 'n kragaangedrewe mobiele hystoestel of 'n vurkhyswa wat by die laai, aflaai, versit of opstapel van goedere gebruik word en wat ook olie-, brandstof- en waterpeile kan nagaan en die nodige byvulling en skoonmaak van sodanige voertuig kan waarneem; (49)

(8) *bedryfsinrigting* enige perseel of 'n gedeelte daarvan waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in hierdie Nywerheid in diens is; (25)

(9) *bestuurder* 'n werknemer wat deur sy werkgewer belas is met die algemene—

(a) toesig oor,
(b) verantwoordelikheid vir, en
(c) leiding van

die werksaamhede van 'n bedryfsinrigting of 'n gedeelte van 'n bedryfsinrigting en die werknemers wat daarin werk; (46)

(10) *bodemmaker* 'n werknemer wat masjiene of toerusting stel of verstel by die vervaardiging van bodems vir oop, drank- of aërosolhouers, wat lopende verstellings en herstelwerk aan sodanige masjiene of uitrusting doen en wat verantwoordelik is vir die hoeveelheid en kwaliteit van die produksie op sodanige masjiene; (23)

(11) *bruto kombinasiemassa*, met betrekking tot 'n motorvoertuig, die massa van enige kombinasie van motorvoertuie, sleepwaens of leunwaens, waarvan sodanige motorvoertuig deel kan uitmaak, en die vrag soos deur die vervaardiger gespesifiseer of, by afwesigheid van sodanige spesifikasie, soos bepaal deur die registrasie-owerheid; (34)

(12) *bruto voertuigmassa*, met betrekking tot 'n motorvoertuig, die maksimum massa van sodanige voertuig en sy vrag soos gespesifiseer deur die vervaardiger of, by afwesigheid van sodanige spesifikasie, soos bepaal deur die registrasie-owerheid; (35)

(13) *buisvervaardiger* 'n werknemer wat masjiene of uitrusting stel of verstel op 'n enkelblok aërosol- of stewige- of sagte- uitpersbuisvervaardigingsbaan, wat lopende verstellings en herstelwerk aan sodanige masjiene of uitrusting doen en wat verantwoordelik is vir die kwantiteit en kwaliteit van die produksie op sodanige baan of bane; (71)

(14) *chauffeur* 'n werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger se assistent, wat 'n kragaangedrewe motorvoertuig bestuur wat vir die vervoer van passasiers bedoel is en wat gebruik word vir die vervoer van sy werkgewer of van klante, werknemers of besoekers en waarmee ook dokumente of pakkette vervoer kan word; (11)

(15) *dag* 'n tydperk van 24 uur vanaf middernag tot middernag: Met dien verstande dat dit in die geval van 'n skofwerker beteken 'n tydperk van 24 uur bereken vanaf die tyd waarop sodanige werknemer begin werk; (17)

(16) *diensdrywer* 'n werknemer wat, benewens sy gewone pligte en buite die werkure verbonde aan sodanige pligte, wagte of onderhoudspersoneel of ander werknemers wat oortyd of nagskof moet werk of gewerk het, per motorvoertuig na en van 'n bedryfsinrigting vervoer; (21)

(17) *drywer van 'n motorvoertuig* 'n werknemer, uitgesonderd 'n chauffeur of 'n diensbestuurder of 'n handelsreisiger se assistent, wat 'n motorvoertuig dryf, en by die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking „'n motorvoertuig dryf" alle tydperke wat hy dryf, alle tyd wat hy bestee aan werk in verband met die voertuig of die vrag en alle tydperke wat hy verplig is om op sy pos te bly gereed om te dryf; (20)

(18) *eerstehulpbediener* 'n werknemer wat in besit is van 'n onlangse sertifikaat van bevoegdheid wat uitgereik is deur—

(a) die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging;
(b) die St. John Ambulance Association; of
(c) die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga;

wat in beheer is van 'n eerstehulpkamer en wat beserings kan aanteken; (29)

(19) *eethuiskok* 'n werknemer wat maaltye vir werknemers kook of andersins voorberei vir verbruik in die bedryfsinrigting; (9)

(20) *eethuistoonbankbediende* 'n werknemer wat goedere of voedsel aan werknemers in die personeeleethuis in 'n bedryfsinrigting verkoop en wat met die geldlaai kan werk; (8)

(21) *ekstra swaar motorvoertuig* 'n motorvoertuig waarvan die bruto massa meer as 16 000 kg is; (27)

(22) *fabriekskerk* 'n werknemer wat onder toesig van 'n voorman of klerk een of meer van die volgende werksaamhede verrig:

(a) Bestellings volgens fakture of bestelvorms byeenbring;
(b) werknemers in die bedryfsinrigting volgens opdragte toewys;
(c) nagaan of aanteken;
(ii)	In the municipal area of East London		In all other areas
	During the first 12 months after this determination becomes binding	Thereafter	
	Per hour R	*Per hour* R	*Per hour* R
Supervisor, the highest wage prescribed in this sub-clause for the highest class of employee under his supervision, plus 10 per cent			
Tubemaker—			
during the first year of experience	1,70	1,80	2,00
during the second year of experience	1,88	1,99	2,21
during the third year of experience	2,06	2,18	2,42
thereafter	2,24	2,37	2,63
Water treatment attendant—			
during the first six months of experience	1,05	1,11	1,23
during the second six months of experience	1,08	1,14	1,27
during the third six months of experience	1,16	1,23	1,37
thereafter	1,25	1,32	1,47
Employee not elsewhere in this sub-clause specifically mentioned	0,98	1,04	1,15

(ii)	In die munisipale gebied Oos-Londen		In alle ander gebiede
	Gedurende die eerste 12 maande nadat hierdie vasstelling van krag geword het	Daarna	
	Per uur R	*Per uur* R	*Per uur* R
Toesighouer, die hoogste loon wat in hierdie subklousule voorgeskryf is vir die hoogste klas werknemer waaroor hy toesig hou, plus tien persent			
Buisvervaardiger—			
gedurende die eerste jaar ondervinding	1,70	1,80	2,00
gedurende die tweede jaar ondervinding	1,88	1,99	2,21
gedurende die derde jaar ondervinding	2,06	2,18	2,42
daarna	2,24	2,37	2,63
Waterbehandelingsbediener—			
gedurende die eerste ses maande ondervinding	1,05	1,11	1,23
gedurende die tweede ses maande ondervinding	1,08	1,14	1,27
gedurende die derde ses maande ondervinding	1,16	1,23	1,37
daarna	1,25	1,32	1,47
Werknemer nie elders in hierdie subklousule uitdruklik vermeld nie	0,98	1,04	1,15

University of Fort Hare
Together in Excellence

(b) Casual employees.—A casual employee shall be paid in respect of every day or part of a day of employment not less than one-fifth of the weekly wage prescribed for an employee in the same area who performs the same class of work as the casual employee is required to do: Provided that—

(i) where the employer requires a casual employee to perform the work of a class of employee for whom wages on a rising scale are prescribed, the expression "weekly wage" shall mean the weekly wage prescribed for an employee of that class who is entitled to the highest wage tariff on the grounds of experience;

(ii) where the employer requires a casual employee to work for a period of not more than four consecutive hours on any day, his wage may be reduced by not more than 50 per cent in respect of that day.

(c) Duty drivers.—A duty driver shall, in addition to any other remuneration due to him, be paid at a rate of not less than 65c for each hour or part of an hour spent in driving as a duty driver subject to a minimum of not less than R1,30 on any day on which duty driving is done by him.

(d) Night shift.—An employee, other than an employee excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (9) *(a)*, or a male employee employed on the manufacture of drawn and wall-ironed two piece containers or a security guard or a watchman, employed on night shift shall be paid for each such shift not less than his daily wage plus ten per cent.

(2) *Basis of contract.*—For the purposes of this clause the contract of employment, other than a duty driver as such or a casual employee, shall be on a weekly basis and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in subclause (1), read with the definition of "weekly wage" and with subclause (3), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

(b) Los werknemer.—'n Los werknemer moet vir elke dag of gedeelte van 'n dag diens minstens een vyfde betaal word van die weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied wat dieselfde klas werk verrig as dié wat van die los werknemer vereis word: Met dien verstande dat—

(i) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om die werk te verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking „weekloon" beteken die weekloon wat vir 'n werknemer van daardie klas voorgeskryf word wat op die hoogste loontarief geregtig is op grond van ondervinding;

(ii) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om vir 'n tydperk van hoogstens vier agtereenvolgende ure op enige dag te werk, sy loon met hoogstens 50 persent verminder kan word.

(c) Diensdrywer.—'n Diensdrywer moet, behalwe enige ander besoldiging wat hom toekom, betaal word teen minstens 65c vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy as 'n diensdrywer aan dryfwerk bestee, behoudens 'n minimum betaling van minstens R1,30 op enige dag waarop sodanige diensbestuurwerk verrig word.

(d) Nagskof.—'n Werknemer, uitgesonderd 'n werknemer wat uit hoofde van klousule 5 (9) *(a)* van die werkurebepalings uitgesluit is, of 'n manlike werknemer wat getrokke- en versterktemetaaltweestukhouers vervaardig of 'n sekuriteitswag of 'n wag wat nagskofwerk verrig, moet vir elke sodanige skof minstens sy dagloon plus tien persent betaal word.

(2) *Kontrakgrondslag.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n diensdrywer as sodanig of 'n los werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees met die woordomskrywing van „weekloon" en met subklousule (3), vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk, voorgeskryf word, afgesien daarvan of hy in sodanige week die maksimum getal gewone werkure wat ingevolge klousule 5 vir hom geld, of minder, gewerk het.

(3) *Differential wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(a) a wage higher than that of his own class, or

(b) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class,

is prescribed in subclause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph *(a)*, not less than the daily wage calculated at the higher rate, and,

(ii) in the case referred to in paragraph *(b)*, not less than the daily wage calculated on the notch in the rising scale immediately above the wage which the employee was receiving for his ordinary work:

Provided that—

(aa) this subclause shall not apply to an assistant foreman who shall if he acts for a foreman in the absence of the latter for a period of at least three consecutive weeks be entitled to and be paid at a rate of not less than the wage prescribed for a foreman in respect of any period that he so acts in excess of three consecutive weeks;

(ab) this subclause shall not apply where the difference between classes in terms of subclause (1) is based on age or experience;

(ac) unless expressly otherwise provided in a written contract between an employer and his employee, nothing in this determination shall be so construed as to preclude an employer from requiring his employee to perform work of another class for which class the same or a lower wage is prescribed than that prescribed for such employee.

(4) *Calculation of wages.*—*(a)* The hourly wage of an employee, other than a casual employee or an employee for whom an hourly wage is prescribed shall be his weekly wage divided by the number of ordinary hours of work prescribed for such employee in any week.

(b) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by—

(i) five, in the case of an employee who normally works a five-day week;

(ii) six, in the case of any other employee.

(c) The monthly wage of an employee shall be four and a third times his weekly wage.

(5) *Transport allowance and expenses.*—In addition to paying any other remuneration due to—

(a) a traveller who uses his employer's motor transport or who is required to travel by train or by any means of conveyance other than his own, his employer shall reimburse him all the reasonable expenses incurred by him in connection with such transport in the performance of his duties, and for the purposes of this subclause the cost of overnight garaging of a motor vehicle shall be deemed to be a transport expense;

(b) a traveller who is required to provide motor transport for the performance of his duties, his employer shall pay him for each kilometre travelled in the performance of his duties a transport allowance of not less than—

(i) where the engine capacity of the vehicle in which the employee so travelled does not exceed 1 300 cm^3: 10c;

(ii) where the engine capacity of such vehicle exceeds 1 300 cm^3 but not 2 500 cm^3: 12c;

(iii) where the engine capacity of such vehicle exceeds 2 500 cm^3: 14c.

(6) *Subsistence allowance and expenses.*—In addition to paying any other remuneration due to—

(a) a traveller who, on any journey undertaken in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) reimburse him all reasonable expenses incurred by him for any meals and teas for himself during each period of absence not extending over a night;

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than R12 for each night where such absence extends over one or more nights;

(b) a traveller's assistant who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) reimburse him all reasonable expenses incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night;

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than R5,50 for each night where such absence extends over one night or more nights:

(3) *Differensiële loon.*—'n Werkgewer wat van 'n lid van een klas van sy werknemers vereis of hom toelaat om vir langer as altesaam een uur op 'n dag òf benewens sy eie werk òf in die plek daarvan werk van 'n ander klas te verrig waarvoor òf—

(a) 'n hoër loon as dié van sy eie klas, of

(b) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loon as dié van sy eie klas,

by subklousule (1) voorgeskryf word, moet ten opsigte van daardie dag aan sodanige werknemer betaal—

(i) in die geval in paragraaf *(a)* bedoel, minstens die dagloon bereken teen die hoër tarief; en

(ii) in die geval in paragraaf *(b)* bedoel, minstens die dagloon bereken op die kerf in die stygende skaal onmiddellik bokant die loon wat die werknemer vir sy gewone werk ontvang het:

Met dien verstande dat—

(aa) hierdie subklousule nie geld nie vir 'n assistent-voorman wat, indien hy in die afwesigheid van die voorman vir 'n tydperk van ten minste drie agtereenvolgende weke as voorman optree, geregtig is op en betaal word teen minstens die voorgeskrewe loon vir 'n voorman met betrekking tot enige tydperk wat hy langer as drie agtereenvolgende weke as voorman optree;

(ab) die bepalings van hierdie subklousule nie geld nie wanneer die verskil tussen die klasse ingevolge subklousule (1) op ouderdom of ondervinding berus;

(ac) tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word, niks in hierdie Vasstelling só uitgelê mag word dat dit 'n werkgewer belet om van sy werknemer te vereis om 'n ander klas werk te verrig waarvoor die voorgeskrewe loon dieselfde of laer is as dié wat vir sodanige werknemer voorgeskryf word nie.

(4) *Loonberekening.*—*(a)* Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer of 'n werknemer vir wie 'n uurloon voorgeskryf word, is sy weekloon gedeel deur die getal gewone werkure wat hy gewoonlik in 'n week werk.

(b) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) vyf, in die geval van 'n werknemer wat normaalweg vyf dae per week werk;

(ii) ses, in die geval van alle ander werknemers.

(c) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(5) *Vervoertoelae en -uitgawes.*—Benewens die betaling van enige ander besoldiging verskuldig aan—

(a) 'n handelsreisiger wat van sy werkgewer se motorvervoer gebruik maak of van wie vereis word om per trein of met enige ander vervoermiddel as sy eie te reis, moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in die uitvoering van sy pligte in verband met sodanige vervoer aangegaan het, en by die toepassing van hierdie subklousule word die koste verbonde aan die stalling van 'n motorvoertuig oornag, geag 'n vervoeruitgawe te wees;

(b) 'n handelsreisiger van wie vereis word om motorvervoer vir die uitvoering van sy pligte te verskaf, moet sy werkgewer hom vir elke kilometer wat hy in die uitvoering van sy pligte afgelê het, 'n vervoertoelae betaal van minstens—

(i) 10 sent, waar die silinderinhoud van die voertuig waarmee die werknemer aldus gereis het, hoogstens 1 300 cm^3 is;

(ii) 12 sent, waar die silinderinhoud van sodanige voertuig meer as 1 300 cm^3 maar hoogstens 2 500 cm^3 is;

(iii) 14 sent, waar die silinderinhoud van sodanige voertuig meer as 2 500 cm^3 is.

(6) *Onderhoudstoelae en -uitgawes.*—Benewens die betaling van enige ander besoldiging verskuldig aan—

(a) 'n handelsreisiger wat op enige reis wat hy in die uitvoering van sy pligte onderneem, vir 'n langer tydperk as ses agtereenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in elke sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie, aan etes en tee vir homself aangegaan het;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens R12 vir elke nag betaal as sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(b) 'n handelsreisiger se assistent wat, wanneer hy 'n handelsreisiger vergesel op enige reis wat die handelsreisiger in die uitvoering van sy pligte onderneem, vir 'n langer tydperk as ses agtereenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in elke sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie, aan etes en tee vir homself aangegaan het;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens R5,50 vir elke nag betaal as sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek:

University of Fort Hare
Together in Excellence

Provided that for the purposes of this subclause the expression "night" means the period between 23h00 and 04h00.

(7) *Payment of transport and subsistence allowances and expenses.*—

(a) An employer shall pay any allowances and expenses payable to an employee in terms of subclauses (5) and (6) within seven days of the employee's written claim therefor: Provided that an employee shall submit any such claims within one month of the time at which he has become entitled thereto but shall not submit more than one claim in any one week.

(b) An employer may require his traveller to frame any claim so that it shall reflect—

(i) in the case of any claim in terms of subclause (5) *(a)*, the mode of transport employed and the transport expenses incurred or the nature of any other expenses for which reimbursement is claimed;

(ii) in the case of any claim in terms of subclause (5) *(b)*, the distance travelled each day, the points of call and, except in municipal areas, the route followed;

(iii) in the case of any claim in terms of subclause (6), the time of commencement and ending of each period of absence;

and to enable his traveller to comply with such requirements, such employer shall, before any such journey is undertaken by such traveller, provide him with a suitable book or forms in or on which to keep the appropriate records.

4. Payment of Remuneration

(1) *Employees other than casual employees.*—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee in cash or by cheque monthly during the hours of work, or within 15 minutes of ceasing work on the usual pay-day of the establishment for such employee (or in the case of a shift worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than 24 hours after the usual pay-day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container, on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing—

(a) the employer's name;
(b) the employee's name or his number on the pay roll and his class;
(c) the number of ordinary hours of work worked by the employee;
(d) the number of overtime hours worked by the employee;
(e) the number of hours worked by the employee on a Sunday or a public holiday;
(f) the employee's wage;
(g) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
(h) the details of any deductions made;
(i) the actual amount paid to the employee; and
(j) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee: Provided that the particulars prescribed above may be recorded on such envelope or container or in such statement in code which code shall be fully set out and explained in a notice kept posted in some conspicuous place in the establishment, accessible to all employees affected thereby; and provided further that—

(i) at the written request of an employee the amount due to him may be paid into his building society or bank account by his employer who shall hand to him the relevant receipt together with the aforementioned statement;

(ii) the aforementioned information relating to time worked need not be furnished in respect of an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (9) *(a)*.

(2) *Casual employees.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie subklousule, die uitdrukking „nag" die tydperk tussen 23h00 en 04h00 beteken.

(7) *Betaling van vervoer- en onderhoudstoelaes en -uitgawes.*—

(a) 'n Werkgewer moet alle toelaes en uitgawes wat ingevolge subklousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het, aan hom betaal: Met dien verstande dat 'n werknemer elke sodanige eis binne een maand vanaf die tydstip waarop hy daarop geregtig geword het, moet indien maar dat hy nie meer as een eis in 'n week mag indien nie.

(b) 'n Werkgewer kan van sy handelsreisiger vereis om elke eis so op te stel dat dit die volgende toon:

(i) In die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) *(a)*, die soort vervoer en die vervoerkoste of die aard van alle ander uitgawes waarvoor hy vergoeding eis;

(ii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) *(b)*, die afstand wat hy elke dag afgelê het, die plekke wat besoek is en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is;

(iii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (6), die tyd waarop elke tydperk van afwesigheid begin en geëindig het;

en ten einde aan hierdie vereistes te kan voldoen, moet sy werkgewer, voordat sodanige reis deur sodanige handelsreisiger onderneem word, aan hom 'n geskikte boek of vorms verskaf waarin of waarop gepaste aantekeninge gehou kan word.

4. Betaling van Besoldiging

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens die bepalings van klousules 3 (7) en 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die werkure, of binne 15 minute nadat die werk gestaak is, op die gewone betaaldag vir die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer (of in die geval van 'n skofwerker op 'n tyd waaroor sodanige werknemer en sy werkgewer ooreenkom en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting moet wees, maar nie later nie as 24 uur na die gewone betaaldag) of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëlde koevert of houer wees waarop, of wat vergesel gaan van 'n staat waarop, gemeld word—

(a) die werkgewer se naam;
(b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy klas;
(c) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;
(d) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;
(e) die getal ure wat die werknemer op 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag gewerk het;
(f) die werknemer se loon;
(g) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;
(h) besonderhede van enige bedrag wat afgetrek is;
(i) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en
(j) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie inligting aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat die besonderhede hierbo voorgeskryf, in kodevorm op sodanige koevert of houer of in sodanige staat opgeteken kan word en dat sodanige kode volledig uiteengesit en verduidelik word in 'n kennisgewing wat opgeplak gehou moet word op 'n opvallende plek in die bedryfsinrigting wat toeganklik is vir alle werknemers wat by die saak betrokke is: Met dien verstande voorts dat—

(i) op die skriftelike versoek van 'n werknemer, die bedrag aan hom verskuldig, gestort mag word in sy bouvereniging- of bankrekening deur die werkgewer, wat die betrokke kwitansie, tesame met voornoemde staat, aan hom moet oorhandig;

(ii) voornoemde inligting betreffende tyd gewerk nie verstrek hoef te word aan 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (9) *(a)* van die werkurebepalings uitgesluit is nie.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens in kontant aan hom betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en huisvesting.*—Behoudens die bepalings van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om kos of huisvesting of kos en huisvesting van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:

(a) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick, medical aid, insurance, savings, provident or pension funds, or subscriptions to a trade union and in the case of a Black employee a deduction for taxes due to the Government of the Republic;

(b) except where otherwise provided in this determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(c) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or permitted to make;

(d) whenever an employee is required in terms of the Black (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, or agrees to accept food and accommodation or food or accommodation from his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder—

	Per week R	*Per month* R
(i) Food	3,00	13,00
(ii) Accommodation	1,50	6,50
(iii) Food and accommodation	4,50	19,50;

(e) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction not exceeding the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that—

(i) such deduction shall not exceed two-fifths of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(iii) no deduction shall be made in the case of short-time owing to a breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which the employer has paid or has undertaken to pay to any banking institution, building society, insurance business, local authority or registered financial institution in respect of a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling;

(g) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid or has undertaken to pay to any other organisation in respect of—

(i) a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling; or

(ii) the rent of a dwelling or accommodation in a hostel occupied by such employee,

if such dwelling or hostel is provided through the instrumentality of such other organisation, wholly or partially from funds advanced for that purpose by the State, a local authority or a building society.

5. Hours of Work, Ordinary and Overtime, and Payment for Overtime

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee to work more ordinary hours of work than—

(a) in the case of an employee, other than a security guard or a watchman, who works a six-day week—

(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and a half;

(b) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) 46 in any week from Monday to Friday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i) hereof, nine and a quarter on any day;

(c) In the case of a security guard or a watchman—

(i) 72 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) 12 on any day;

(d) in the case of a casual employee—nine on any day;

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, sieke-, mediese bystands-, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfonds, of vir ledegelde van 'n vakvereniging, en in die geval van 'n Swart werknemer 'n bedrag vir belastings verskuldig aan die Regering van die Republiek;

(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(c) enige bedrag wat 'n werkgewer regtens of kragtens 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;

(d) wanneer daar van 'n werknemer ingevolge die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, vereis word of hy daartoe instem om kos en huisvesting of kos of huisvesting van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag van hoogstens—

	Per week R	*Per maand* R
(i) Kos	3,00	13,00
(ii) Huisvesting	1,50	6,50
(iii) Kos en huisvesting	4,50	19,50;

(e) wanneer die gewone werkure by klousule 5 voorgeskryf, weens korttyd verminder word, 'n bedrag van hoogstens die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande dat—

(i) sodanige aftrekking hoogstens twee vyfdes van die werknemer se weekloon is, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;

(ii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n slapte in die bedryf of 'n tekort aan grondstowwe ontstaan, geskied nie tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(iii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd geskied vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie weens 'n onklaarraking van masjinerie of installasie of weens die feit dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat 'n werkgewer betaal het of onderneem het om te betaal aan 'n bankinstelling, bouvereniging, versekeringsmaatskappy, 'n plaaslike owerheid of 'n geregistreerde finansiële instelling aan die betaling van 'n lening wat aan 'n werknemer toegestaan is om 'n woonplek te bekom;

(g) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat 'n werkgewer aan enige ander organisasie betaal het, of wat hy onderneem om te betaal ten opsigte van—

(i) 'n lening wat aan 'n werknemer toegestaan is om daarmee 'n woonplek te bekom; of

(ii) die huur van 'n huis of huisvesting in 'n tehuis wat die werknemer bewoon,

indien sodanige huis of tehuis verskaf word deur sodanige ander organisasie, in geheel of gedeeltelik van fondse wat vir daardie doel voorgeskiet is deur die Staat, 'n plaaslike owerheid of 'n bouvereniging.

5. Werkure, Gewone en Oortyd, en Betaling vir Oortydwerk

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n sekuriteitswag of 'n wag, wat ses dae per week werk—

(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, wanneer die ure op enigeen van die ander dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(b) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk—

(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Vrydag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, nege en 'n kwart op 'n dag;

(c) in die geval van 'n sekuriteitswag of 'n wag—

(i) 72 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) 12 op 'n dag;

(d) in die geval van 'n los werknemer—nege op 'n dag.

(2) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00;

(b) after 13h00 on more than five days a week;

(3) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees, other than a shift worker, a rest interval of not less than ten minutes as nearly as practicable in the middle of each first work period and second work period of the day, and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(4) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half an hour, and in that event, and after the employer has informed the Divisional Inspector, Department of Manpower Utilisation, for his area, in writing of such agreement, the interval may be so reduced;

(ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (vi) applies, shall be deemed to be continuous;

(iii) if such interval be longer than one hour except when proviso (iv) applies any period in excess of one and a quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iv) in the case of an employee who is wholly or mainly engaged in cleaning premises if such interval be longer than three hours, any period in excess of three hours shall be deemed to form part of the ordinary hours of work;

(v) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;

(vi) when on any day by reason of overtime worked an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may be reduced to not less than 15 minutes;

(vii) a driver of a motor vehicle who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purposes of this subclause not to have worked during such interval;

(viii) such interval need not be granted to a boiler attendant or an employee employed on shift work during his ordinary hours of work on any shift if he is given the opportunity during such hours of having a meal while at his post, unless this is prohibited by virtue of any notice published in terms of section 27 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(5) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (4), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(6) *Limitation of overtime.*—

(a) Normal overtime—Save as provided in paragraph *(b)* hereof, an employer shall not require or permit an employee—

(i) in the case of a casual employee, to work overtime for more than two hours on any day;

(ii) in the case of a male employee, to work overtime for more than ten hours in any week;

(iii) in the case of a female employee, to work overtime—

(aa) for more than ten hours in any week;

(ab) for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday, but so that ten hours are not exceeded in any week;

(ac) on more than three consecutive days in any week;

(ad) on more than 60 days in any year;

(ae) after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) before midday given notice thereof to such employee; or

(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee not less than 60c in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(b) Additional overtime.—Whenever additional overtime is necessary—

(2) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule vervat, mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;

(b) op meer as vyf dae in 'n week na 13h00 te werk nie.

(3) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet, so na doenlik aan die middel van elke eerste werktydperk en tweede werktydperk van die dag, aan elkeen van sy werknemers, uitgesonderd 'n skofwerker, 'n ruspouse van minstens 10 minute toestaan waarin daar nie van sodanige werknemer vereis of hy nie toegelaat mag word om werk te verrig nie, en daar word geag dat so 'n pouse deel van die gewone werkure van sodanige werknemer uitmaak.

(4) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer met sy werknemer ooreen kan kom om die duur van sodanige etenspouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer die Afdelingsinspekteur, Departement van Mannekragbenutting, vir sy gebied skriftelik in kennis gestel het van sodanige ooreenkoms, kan die pouse aldus verkort word;

(ii) werktydperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (vi) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;

(iii) as sodanige pouse langer as een uur is, uitgesonderd wanneer voorbehoudsbepaling (iv) van toepassing is, enige tyd wat een en 'n kwart uur te bowe gaan, geag word tyd gewerk te wees;

(iv) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik persele skoonmaak, as sodanige pouse langer as drie uur is, enige tyd wat drie uur te bowe gaan, geag word deel van die gewone werkure uit te maak;

(v) alleenlik een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;

(vi) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op enige dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens vyftien minute verkort kan word;

(vii) 'n bestuurder van 'n motorvoertuig wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie;

(viii) sodanige pouse nie aan 'n ketelbediener of 'n werknemer wat gedurende sy gewone werkure skofwerk verrig, toegestaan hoef te word nie indien hy die geleentheid gebied word om gedurende sodanige ure 'n maaltyd te nuttig terwyl hy op sy pos is, tensy dit belet word uit hoofde van 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge artikel 27 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(5) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens die bepalings van subklousule (4), moet alle werkure van 'n werknemer op enige dag agtereenvolgend wees.

(6) *Beperking van oortydwerk.*—

(a) Normale oortydwerk.—Behoudens die bepalings van paragraaf *(b)* hiervan, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis of hom toelaat—

(i) in die geval van 'n los werknemer, om langer as twee uur op 'n dag oortyd te werk nie;

(ii) in die geval van 'n manlike werknemer, om langer as 10 uur in 'n week oortyd te werk nie;

(iii) in die geval van 'n vroulike werknemer, om oortyd te werk—

(aa) meer as 10 uur in 'n week;

(ab) meer as twee uur op 'n dag, uitgesonderd dat 'n werknemer wat vyf dae per week werk, tot vier uur oortyd op 'n Saterdag kan werk, maar so dat nie meer as tien uur oortyd in 'n week gewerk word nie;

(ac) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week;

(ad) op meer as 60 dae in 'n jaar;

(ae) na die voltooiing van haar gewone werkure, langer as een uur op 'n dag tensy hy—

(i) sodanige werknemer voor 12h00 daarvan in kennis gestel het; of

(ii) sodanige werknemer betyds van 'n behoorlike ete voorsien het en haar in staat gestel het dit te nuttig voordat sy met oortydwerk moet begin; of

(iii) sodanige werknemer minstens 60c betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat die oortydwerk moet begin.

(b) Addisionele oortydwerk.—Wanneer addisionele oortydwerk nodig is—

(i) to meet a seasonal demand for the supply of petrol or oil containers;
(ii) in an establishment manufacturing metal containers or allied products required by an establishment engaged in the canning or preserving of foodstuffs to prevent the loss of perishable raw materials, an employer may require or permit—
(aa) a male employee to work additional overtime: Provided such additional overtime does not exceed ten hours in any week and 500 hours in any year;
(ab) a female employee to work additional overtime during the period from the first Monday in October in any year to the last Saturday in March in the succeeding year: Provided that such employee shall not be required or permitted to work—
(i) after 19h30 on any day from Monday to Friday, inclusive;
(ii) after 13h00 on any Saturday;
(iii) more than ten hours additional overtime in any week;
(iv) more than 60 hours additional overtime during such period.

(7) For the purposes of this clause the expression "additional overtime" means—
(a) in the case of a male employee, overtime in excess of ten hours in any week;
(b) in the case of a female employee, overtime worked—
(i) in excess of two hours on any day from Monday to Friday, inclusive;
(ii) after 18h00 on any day from Monday to Friday, inclusive;
(iii) in excess of four hours on any Saturday in an establishment which observes a five-day week;
(iv) on any further day in any year in which that employee has worked overtime on 60 days.

(8) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—
(a) in the case of a casual employee, one and a third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
(b) in the case of any other employee, one and a third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(9) *Savings.*—*(a)* This clause shall not apply to—
(i) a foreman, a senior managerial or administrative employee or a technical or a professional employee if and for so long as such employee is in receipt of a regular wage at a rate of not less than R600 per month;
(ii) a traveller or a traveller's assistant;
(iii) an employee in respect of any time spent by him in performing his work as a duty driver.
(b) This clause shall not apply to a male employee while employed on the manufacture of drawn and wall-ironed two piece containers: Provided such employee shall—
(aa) not be permitted or required to work more than 49 ordinary hours in any cycle of eight consecutive days;
(ab) be granted four rest intervals of at least 24 consecutive hours each during such cycle of eight consecutive days: Provided further that at least two of such rest intervals shall be consecutive;
(ac) while so employed, be paid an additional amount of not less than 15 per cent of the wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class.
(c) Subclauses (3), (4), (5) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.
(d) Subclause (3) shall not apply to a boiler attendant, a chauffeur, a driver of a motor vehicle or a Grade III employee who accompanies such driver of a motor vehicle or a first-aid attendant.
(e) Subclauses (3) and (4) shall not apply to an employee employed in a canteen or a security guard or a watchman.

6. Annual Leave

(1) Subject to subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of 12 months of employment with him 21 consecutive days' leave, and shall pay such employee in respect of such leave an amount of not less than three times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced: Provided that, for the purposes of this clause—

(i) om te voldoen aan 'n seisoensvraag vir die verskaffing van petrol- of oliehouers;
(ii) in 'n bedryfsinrigting om metaalhouers of aanverwante produkte te vervaardig wat benodig word deur 'n bedryfsinrigting wat voedsel inmaak of preserveer om 'n verlies van bederfbare grondstowwe te verhoed, kan 'n werkgewer vereis of toelaat—
(aa) dat addisionele oortydwerk verrig word deur 'n manlike werknemer: Met dien verstande dat sodanige oortydwerk hoogstens tien uur in 'n week en hoogstens 500 uur in 'n jaar beloop;
(ab) dat addisionele oortydwerk verrig word deur 'n vroulike werknemer gedurende die tydperk vanaf die eerste Maandag in Oktober in enige jaar tot die laaste Saterdag in Maart in die daaropvolgende jaar: Met dien verstande dat van sodanige werknemer nie vereis of sy nie toegelaat mag word om—
(i) na 19h30 op enige dag van Maandag tot en met Vrydag te werk nie;
(ii) na 13h00 op 'n Saterdag te werk nie;
(iii) meer as tien uur addisionele oortydwerk in 'n week te verrig nie;
(iv) meer as 60 uur addisionele oortydwerk in sodanige tydperk te verrig nie.

(7) By die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „addisionele oortydwerk"—
(a) in die geval van 'n manlike werknemer, oortydwerk van langer as 10 uur in 'n week;
(b) in die geval van 'n vroulike werknemer, oortydwerk van—
(i) langer as twee uur op 'n dag van Maandag tot en met Vrydag;
(ii) na 18h00 op enige dag van Maandag tot en met Vrydag;
(iii) langer as vier uur op 'n Saterdag in 'n bedryfsinrigting wat vyf dae per week werk;
(iv) op enige verdere dag in 'n jaar waarin daardie werknemer op 60 dae oortyd gewerk het.

(8) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—
(a) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk;
(b) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk.

(9) *Voorbehoudsbepalings.*—*(a)* Hierdie klousule is nie van toepassing nie op—
(i) 'n voorman, 'n senior bestuurs- of administratiewe werknemer of 'n tegniese of professionele werknemer indien en solank as sodanige werknemer gereeld 'n loon van minstens R600 per maand ontvang;
(ii) 'n handelsreisiger of 'n handelsreisiger se assistent;
(iii) 'n werknemer ten opsigte van tyd wat deur hom aan die uitvoering van sy werk as 'n diensdrywer bestee is.
(b) Hierdie klousule is nie van toepassing nie op 'n manlike werkgewer terwyl hy werksaam is by die vervaardiging van getrokke- en versterktemetaal-tweestukhouers: Met dien verstande dat sodanige werknemer—
(aa) nie toegelaat of van hom vereis word om meer as 49 gewone ure in 'n tydkring van agt agtereenvolgende dae te werk nie;
(ab) vier ruspouses van elk minstens 24 agtereenvolgende ure gedurende sodanige tydkring van agt agtereenvolgende dae toegestaan word: Verder met dien verstande dat minstens twee sodanige ruspouses agtereenvolgend is;
(ac) 'n addisionele bedrag van minstens 15 persent van die loon voorgeskryf in klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas betaal word terwyl hy hierdie werk doen.
(c) Subklousules (3), (4), (5) en (6) is nie op 'n werknemer wat noodwerk verrig van toepassing nie.
(d) Subklousule (3) is nie van toepassing nie op 'n ketelbediener, 'n chauffeur, 'n bestuurder van 'n motorvoertuig of 'n werknemer graad III wat sodanige bestuurder van 'n motorvoertuig vergesel of 'n eerstehulpbediener.
(e) Subklousules (3) en (4) is nie op 'n werknemer wat in 'n eethuis werk of op 'n sekuriteitswag of wag van toepassing nie.

6. Jaarlikse Verlof

(1) Behoudens subklousule (2) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof verleen van 21 agtereenvolgende dae en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof 'n bedrag betaal van minstens drie maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het: Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie klousule—

(i) the weekly wage of a traveller who is employed on commission work shall be calculated by dividing the remuneration payable to him by virtue of his agreement in accordance with clause 9 (7) in respect of the 12 months immediately preceding the date of the accrual of his leave by 52 or, if he has had less than 12 months of such employment, by dividing the total remuneration so payable to him during his period of such employment by the number of completed weeks in such period;

(ii) the weekly wage of any employee who is engaged on piece-work shall be calculated on the basis set out in section 20 (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted and be taken at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto in writing before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with—

(aa) sick leave in terms of clause 7 or with absence from work owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) *(a)* or *(b)* amounting in the aggregate to not more than 10 weeks in any one year;

(ab) any period during which the employee is under notice of termination of employment in terms of clause 11; or

(ac) any period during which the employee is doing military training or service under the Defence Act, 1957.

(ii) which is sold in an earosol container, the batch number and manufacturing date may be marked on the bottom of such container provided an appropriate indication to that effect appears on such main panel;

(h) subject to the provisions of the Trade Metrology Act, 1977 (Act 73 of 1977), the nett volume or mass, as the case may be, of the agricultural remedy in such container; and

(i) the name and address of the person in whose favour the agricultural remedy is registered.

(2) (a) The particulars referred to in subregulation (1) shall appear on the main panel of the container in which the agricultural remedy concerned is sold or of the label affixed to such container together with any other particulars which are to be marked or indicated on such container of label in terms of any other law: Provided that such main panel shall not take up more than one-third of the total surface of the container or label concerned.

(b) The indication referred to in subregulation (1) (d) shall, in the case where the agricultural remedy concerned—

(i) was classified as Group I consists of the expression "Group I—Poison—extremely toxic/Vergif—uiters giftig" preferably in red letters (minimum height half that of the

Etikettering en merk van houers van landboumiddels

14. (1) Die onmiddelike houer waarin 'n landboumiddel, uitgesonderd 'n peulplantentstof, verkoop word, moet gemerk wees met, of van 'n etiket voorsien wees waarop aangedui is—

(a) die merk, indien enige, waaronder die betrokke landboumiddel geregistreer is;

(b) indien sodanige merk nie die naam van die betrokke aktiewe bestanddeel insluit nie, die naam van die aktiewe bestanddeel wat in dié landboumiddel bevat is, aangedui ooreenkomstig die jongste lys van algemene name en klassifikasie van plaagdoders en landboumiddels wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gepubliseer is: Met dien verstande dat indien die betrokke naam nie aldus gepubliseer is nie, die chemiese naam van die betrokke aktiewe bestanddeel tussen hakies en in kleiner letters as dié van die merk onmiddellik onder sodanige merk aangedui moet word;

(c) die registrasienommer van die betrokke landboumiddel tesame met 'n verwysing na die Wet, uitgedruk as "Reg. No. . . . Wet 36/1947";

(d) die toepaslike giftigheidsgroep waarin die betrokke landboumiddel ooreenkomstig regulasie 12 (2) geklassifiseer is;

(e) die tipe formulasie van die betrokke landboumiddel en die doel waarvoor dit geregistreer is;

(f) die samestelling van die betrokke landboumiddel deur—

(i) die suiwer (nie tegniese) aktiewe bestanddeel soos in paragraaf (b) beoog en, waar van toepassing, die chemiese groep van sodanige aktiewe bestanddeel te vermeld; en

(ii) die inhoud van sodanige aktiewe bestanddeel in daardie landboumiddel ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (2) (c) aan te dui;

(g) die nommer van die lot waarvan die landboumiddel in sodanige houer afkomstig is en die vervaardigingsdatum, uitgedruk as 'n maand en jaar, van daardie lot: Met dien verstande dat in die geval van 'n landboumiddel—

(i) wat tydens opberging onderhewig is aan oormatige afname in doeltreffendheid, die vervaldatum daarvan in plaas van die vervaardigingsdatum aangedui moet word; of

(ii) wat in 'n aërosolhouer verkoop word, die lotnommer en vervaardigingsdatum op die bodem van sodanige houer gemerk kan word mits 'n paslike aanduiding tot dien effekte op sodanige hoofpaneel verskyn;

(h) behoudens die bepalings van die Wet op Handelsmetrologie, 1977 (Wet 73 van 1977), die netto volume of massa, na gelang van die geval, van die landboumiddel in sodanige houers; en

(i) die naam en adres van die persoon ten gunste van wie die betrokke landboumiddel geregistreer is.

(2) (a) Die besonderhede vermeld in subregulasie (1) moet op die hoofpaneel van die houer waarin die betrokke landboumiddel verkoop word of van die etiket wat aan sodanige houer geheg word, verskyn tesame met ander besonderhede wat ingevolge enige ander wet op sodanige houers of etiket gemerk of aangedui moet word: Met dien verstande dat sodanige hoofpaneel nie meer as een derde van die totale oppervlakte van die betrokke houer of etiket mag beslaan nie.

(b) Die aanduiding in subregulasie (1) (d) vermeld, moet in die geval waar die betrokke landboumiddel—

(i) as Groep I geklassifiseer is, uit die uitdrukking "Groep I—Vergif—uiters giftig/Poison—extremely toxic" verkieslik in rooi letters (minimum grootte die

mark) on a contrasting background with skull and crossbones in red (minimum height equal to the mark and fully coloured);

(ii) was classified as Group II, consists of the expression "Group II—Poisonous/Giftig" preferably in red letters (minimum size half that of the mark) on a contrasting background;

(iii) was classified as Group III, consists of the expression "Group III—Caution/Versigtig" preferably in red letters (minimum size half of that of the mark) on a contrasting background; or

(iv) was classified as a Group IV, consists of the expression "Group IV" (no special specifications relating to colour and type face are required):

Provided that the registrar may approved another type face in a case where the specified type face is unpracticable.

(c) The indication of the contents of the active ingredient of the agricultural remedy concerned shall—

(i) in the case of a liquid agricultural remedy, be expressed as gram per litre at 20 °C;

(ii) in the case of a dry agricultural remedy, be expressed as gram per kilogram; and

(iii) in the case of an agricultural remedy contained in an aerosol container, be expressed as gram per kilogram, and shall in each case represent the nominal value of such active ingredient:

Provided that in the case of wood preservatives, such indication shall represent the minimum value of the active ingredient concerned.

(3) (a) In the case of an agricultural remedy which is classified as Group I and, where applicable, Group II, warning statements, precautionary statements and where applicable, the symptoms of poisoning, first aid and a note to physicians shall be indicated under those headings and in sequence on a side panel of the container of such agricultural remedy or on a side panel of the label affixed to such container.

(b) If a withholding period is required between the last application of an agricultural remedy and the harvesting, feeding, grazing or processing of a commodity which is treated with such agricultural remedy, the period which shall thus expire shall be indicated in bold type face in red immediately below the heading "Warning Statements".

(4) (a) Directions for use and where applicable, compatibility statements, mixing instructions and, in the form of a table, the actual uses of the agricultural remedy concerned after such mixing shall be indicated under those headings and in that sequence on a side panel of a container of such agricultural remedy or on a side panel of the label affixed to such container, and shall be clearly distinguishable from any other particulars to be indicated in terms of this regulation.

(b) If the efficacy of an agricultural remedy will be enhanced or the spectrum of use thereof will be broadened by adding it to a fertilizer, farm feed or another agricultural remedy, the compatibility statement shall contain the name of the fertilizer, farm feed or other agricultural remedy of which it is known that the agricultural remedy concerned is compatible.

(c) Directions for use of an agricultural remedy shall—

(i) if applicable, state the method of mixing and the rate at which dilution shall be made;

helfte van die merk) op 'n kontrasterende agtergrond met skedel en gekruisde dybene in rooi (minimum hoogte dieselfde as dié van die merk en ten volle gekleurd), bestaan;

(ii) as Groep II geklassifiseer is, uit die uitdrukking "Groep II—Giftig/Poisonous" verkieslik in rooi letters (minimum grootte helfte die van die merk van die middel) op 'n kontrasterende agtergrond, bestaan;

(iii) as Groep III geklassifiseer is, uit die uitdrukking "Groep III—Versigtig/Caution" verkieslik in rooi letters (minimum grootte helfte die van die merk van die middel) op 'n kontrasterende agtergrond, bestaan; of

(iv) as Groep IV geklassifiseer is, uit die uitdrukking "Groep IV" (geen spesiale spesifikasies met betrekking tot kleur en lettergrootte word vereis nie), bestaan:

Met dien verstande dat die registrateur in 'n geval waar gespesifiseerde lettergroottes onprakties is, 'n ander lettergrootte kan goedkeur.

(c) Die aanduiding van die inhoud van die aktiewe bestanddeel van die betrokke landboumiddel moet—

(i) in die geval van 'n vloeibare landboumiddel, as gram per liter teen 20 °C uitgedruk word;

(ii) in die geval van 'n droë landboumiddel, as gram per kilogram uitgedruk word; en

(iii) in die geval van 'n landboumiddel wat in 'n aërosolhouer bevat is, as gram per kilogram uitgedruk word, en moet in elke geval die nominale waarde van sodanige aktiewe bestanddeel verteenwoordig:

Met dien verstande dat in die geval van houtpreserveermiddels, sodanige aanduiding die minimum waarde van die betrokke aktiewe bestanddeel moet verteenwoordig.

(3) (a) In die geval van 'n landboumiddel wat as Groep I en, waar van toepassing, Groep II geklassifiseer is, moet waarskuwingsvoorskrifte, voorsorgmaatreëls en indien van toepassing, die simptome van vergiftiging, eerstehulp en 'n nota aan geneeshere onder daardie opskrifte en in daardie volgorde op 'n sypaneel van die houer van sodanige landboumiddel of op 'n sypaneel van die etiket wat aan sodanige houer geheg is, aangedui word.

(b) Indien 'n onttrekkingsperiode vereis word tussen die laaste toediening van 'n landboumiddel en die oes, voer, beweiding of verwerking van 'n produk wat met sodanige landboumiddel behandel is, moet die tydperk wat aldus moet verloop in vetletterdruk en in rooi onder die opskrif "Waarskuwingsvoorskrifte" aangedui word.

(4) (a) Gebruiksaanwysings en waar van toepassing, verenigbaarheidsvoorskrifte, vermengingsvoorskrifte en, in die vorm van 'n tabel, die werklike gebruike van die betrokke landboumiddel na sodanige vermenging moet onder daardie opskrifte en in daardie volgorde op 'n sypaneel van die houer van sodanige landboumiddel of op 'n sypaneel van die etiket wat aan sodanige houer geheg word, aangedui word en moet duidelik onderskei word van enige ander besonderhede wat ingevolge hierdie regulasie aangedui moet word.

(b) Indien die doeltreffendheid van 'n landboumiddel verhoog of die gebruikspektrum daarvan verbreed word deur dit by 'n misstof, veevoedsel of 'n ander landboumiddel te voeg, moet die verenigbaarheidsvoorskrifte die name bevat van die misstof, veevoedsel of ander landboumiddel waarvan dit bekend is dat die betrokke landboumiddel verenigbaar is.

(c) Gebruiksaanwysing vir 'n landboumiddel moet—

(i) indien van toepassing, die metode van vermenging en die koers waarteen verdunning moet geskied, verstrek;

(ii) indicate the method of application and the rate at which it shall be administered.

(5) In the case where the immediate container of an agricultural remedy is packed in an outer container in which it is sold, all the particulars referred to in subregulations (1), (3) and (4) shall also appear on such outer container or on a label affixed thereto in the manner contemplated in those subregulations as well as in subregulation (2).

(6) If the immediate container of an agricultural remedy or an outer container referred to in subregulation (5) is to small to accomodate all the relevant particulars referred to in subregulations (1), (3) and (4), only those particulars referred to in subregulation (1), together with the words "For full particulars see attached pamphlet" or the words "For full particulars see included pamphlet", as the case may be, may, subject to the provisions of subregulation (8), be indicated on such immediate container and, where applicable, on such outer container or on a label affixed to each of such containers.

(7) The provisions of subregulation (6) shall *mutatis mutandis* apply to the marking and labelling of the immediate container and, if applicable, the outer container of a quantity of an agricultural remedy which purports to be a measured dosage of such agricultural remedy and which is to small to accommodate all the relevant particulars referred to in subregulations (1), (3) and (4): Provided that only the particulars referred to in subregulations (1) (a), (b), (c), (d) and (f) and (4) (c) may be indicated as contemplated in subregulation (6).

(8) A pamphlet which is attached to a container referred to in subregulation (6) or (7) or included in such container and on which all the relevant particulars referred to in subregulations (1), (3) and (4) are to be indicated, shall—

(a) if it is attached to the immediate container of the agricultural remedy concerned, not obliterate any of the particulars indicated in terms of subregulation (6) or (7);

(b) be included together with such immediate container in an outer container.

(9) (a) At least 10 per cent of the surface of a container in which an agricultural remedy is sold and if applicable, of the surface of an outer container, if the applicable particulars referred to in this regulation are marked directly on such containers, or of the surface of a label affixed to any such container or if applicable, of the surface of a pamphlet attached to or included in any such container, if the applicable particulars referred to in this regulation are indicated on such label or pamphlet, shall, in the case of—

(i) herbicides, be coloured purple;

(ii) insecticides, be coloured red;

(iii) fungicides, be coloured orange;

(iv) legume inoculants, be coloured green;

(v) spray oils, be coloured brown;

(vi) fumigants, be coloured blue;

(vii) growth regulators, be coloured yellow.

(b) Unless otherwise provided for in this regulation, the applicable particulars to be marked or indicated in terms of subregulations (1), (3), (4), (6) and (7) on containers, labels and pamphlets referred to in paragraph (a), shall be printed in a colour contrasting to the background in letters, figures and symbols of not less than one mm high.

(ii) die metode van toediening en die koers waarteen dit aangewend moet word, aandui.

(5) In die geval waar die onmiddellike houer van 'n landboumiddel in 'n buitenste houer verpak word waarin dit verkoop word, moet alle besonderhede in subregulasies (1), (3) en (4) vermeld, ook op sodanige buitenste houer of op 'n etiket wat daaraan geheg is, op die wyse in daardie subregulasies sowel as in subregulasie (2) beoog, aangedui word.

(6) Indien die onmiddellike houer van 'n landboumiddel op 'n buitenste houer in subregulasie (5) vermeld, te klein is om al die toepaslike besonderhede vermeld in subregulasie (1), (3) en (4) te bevat, kan, behoudens die bepalings van subregulasie (8), slegs dié besonderhede in subregulasie (1) vermeld saam met die woorde "Vir volledige besonderhede sien aangehegte brosjure" of die woorde "Vir volledige besonderhede sien ingeslote brosjure", na gelang van die geval, op sodanige onmiddelike houer en, waar van toepassing, op sodanige buitenste houer of op 'n etiket wat aan elk van sodanige houers geheg is, aangedui word.

(7) Die bepalings van subregulasie (6) is *mutatis mutandis* van toepassing op die merk en etikettering van die onmiddelike houer en, indien van toepassing, die buitenste houer van 'n hoeveelheid van 'n landboumiddel wat voorgee om 'n afgemete dosis van sodanige landboumiddel te wees en wat te klein is om al die toepaslike besonderhede vermeld in subregulasies (1), (3) en (4) te bevat: Met dien verstande dat slegs die besonderhede vermeld in subregulasies (1) (a), (b), (c), (d) en (f) en (4) (c), soos beoog in subregulasie (6), aangedui kan word.

(8) 'n Brosjure wat aan 'n houer in subregulasie (6) of (7) vermeld, geheg word of by so 'n houer ingesluit word en waarop al die toepaslike besonderhede vermeld in subregulasies (1), (3) en (4) aangedui moet word, moet—

(a) indien dit aan die onmiddelike houer van die betrokke landboumiddel geheg is, nie enige besonderhede wat ingevolge subregulasie (6) of (7) aangedui is, uitwis nie; of

(b) saam met sodanige onmiddellike houer in 'n buitenste houer ingesluit word.

(9) (a) Minstens 10 persent van die oppervlakte van 'n houer waarin 'n landboumiddel verkoop word en indien van toepassing, van die oppervlakte van 'n buitenste houer indien die toepaslike besonderhede in hierdie regulasie vermeld direk op sodanige houers gemerk word, of van die oppervlakte van etiket wat aan enige sodanige houer geheg word of van die oppervlakte van 'n brosjure wat aangeheg word aan of ingesluit word in enige sodanige houer, indien die toepaslike besonderhede in hierdie regulasies vermeld op sodanige etiket of brosjure aangedui word, moet, in die geval van—

(i) plantdoders, pers gekleurd wees;

(ii) insekdoders, rooi gekleurd wees;

(iii) swamdoders, oranje gekleurd wees;

(iv) peulplantentstof, groen gekleurd wees;

(v) spuitolies, bruin gekleurd wees;

(vi) berokingsmiddels, blou gekleurd wees;

(vii) groeireguleerders, geel gekleurd wees:

(b) Tensy anders in hierdie regulasies bepaal, moet die toepaslike besonderhede wat ingevolge subregulasies (1), (3), (4), (6) en (7) op houers, etikette en brosjures in paragraaf (a) vermeld in 'n kleur kontrasterend met die agtergrond in letters, syfers en simbole van minstens een mm hoog gedruk word.

(10) The words "Store in a cool (1 °C–24 °C), dry and dark place" in addition to the particulars referred to in subregulation (1) (a), (b), (c), (e), (g), (h) and (i) and subject to the provisions of subregulation (2), (4) (a), (5), (6), (7), (8) and (9), be marked on the main panel of the container in which a legume inoculant is sold or be indicated on the main panel of a label affixed to such container: Provided that—

(a) the word "dark" may be omitted if the container concerned is opaque;

(b) the expiry date of the inoculant concerned shall not be more than six months of the date of manufacture.

(11) The particulars to be indicated in terms of this regulation on a container in which an agricultural remedy is sold or on a label affixed to such container shall be thus indicated in both official languages.

(12) Containers and labels, which, at the commencement of these regulations, do not comply with the requirements specified in this regulation shall only be used for the packing of the agricultural remedy concerned until 31 December 1981.

Advertisements relating to agricultural remedies

15. (1) An advertisement relating to an agricultural remedy shall only be published, circulated, shown on a screen or broadcasted with the written approval of the registrar.

(2) (a) An application for such approval shall, except in the case of an advertisement which is to be shown on a screen or broadcasted, be lodged with the registrar in writing at least two months prior to the date of presentation for publication of the advertisement in question.

(b) Such an application shall be accompanied by three copies of a typed version and proposed illustrations to be used in connection with such advertisement.

(3) (a) An advertisement may be approved if it contains the particulars referred to in regulation 14 (1) (a), (b), (c), (d) and (i): Provided that the registration number of an agricultural remedy need not be shown on a screen or broadcasted.

(b) Any reference in an advertisement to—

(i) an active ingredient of an agricultural remedy;

(ii) the instructions for use, application or administration of an agricultural remedy; and

(iii) the registration of an agricultural remedy under the Act;

shall be restricted to those particulars which are required or permitted to be marked on a container of the agricultural remedy concerned or to be indicated on a label affixed to such container in terms of regulation 14

(4) An advertisement may only be published, circulated shown on a screen or broadcasted in the form in which it was approved by the registrar and within the period which he in each case determined.

Samples of agricultural remedies

16. (1) (a) An agricultural remedy which is sold in containers shall be sampled by selecting at different places from the stock of a particular agricultural remedy the number of containers required to obtain a sufficient quantity of such agricultural remedy for a sample.

(b) Such containers shall be similarly marked or labelled and the agricultural remedy therein shall originate from the same batch.

(10) Die woorde "Hou in 'n koel (1 °C–24 °C), droë en donker plek" moet, behalwe met die besonderhede vermeld in subregulasies (1) (a), (b), (c), (e), (g), (h) en (i) en behoudens die bepalings van subregulasies (2), (4) (a), (5), (6), (7), (8) en (9), op die hoofpaneel van die houer waarin 'n peulplantentstof verkoop word, gemerk wees of op die hoofpaneel van 'n etiket wat aan so 'n houer geheg word, aangedui wees: Met dien verstande dat—

(a) die woord "donker" weggelaat kan word indien die betrokke houer ondeurskynend is;

(b) die vervaldatum van die betrokke entstof wat nie meer as ses maande na die datum van vervaardiging moet wees nie.

(11) Besonderhede wat ingevolge hierdie regulasie vereis word om aangedui te word op die houer waarin 'n landboumiddel verkoop word of op 'n etiket wat aan sodanige houer geheg is, moet aldus in beide amptelike tale aangedui word.

(12) Houers en etikette wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies nie aan die vereistes in hierdie regulasie gespesifiseer, voldoen nie, mag slegs tot 31 Desember 1981 vir die verpakking van die betrokke landboumiddel gebruik word.

Advertensies betreffende landboumiddels

15. (1) 'n Advertensie betreffende 'n landboumiddel word slegs met die skriftelike goedkeuring van die registrateur gepubliseer, versprei op 'n skerm vertoon of uitgesaai.

(2) (a) 'n Aansoek om sodanige goedkeuring moet, behalwe in die geval van 'n advertensie wat op 'n skerm vertoon of uitgesaai sal word, minstens twee maande voor die datum van indiening vir publikasie van die betrokke advertensie skriftelik aan die registrateur voorgelê word.

(b) So 'n aansoek moet vergesel gaan van drie afskrifte van 'n getikte weergawe en voorgestelde illustrasies, wat in verband met sodanige advertensie gebruik sal word.

(3) (a) 'n Advertensie kan goedgekeur word indien dit die besonderhede bevat wat in regulasie 14 (1) (a), (b), (c), (d) en (i) vermeld word: Met dien verstande dat die registrasienommer van 'n landboumiddel nie op 'n skerm vertoon of uitgesaai hoef te word nie.

(b) Enige verwysing in 'n advertensie na—

(i) 'n Aktiewe bestanddeel van 'n landboumiddel;

(ii) die gebruiksaanwysings, aanwending of toediening van 'n landboumiddel; en

(iii) die registrasie van 'n landboumiddel kragtens die Wet;

moet beperk word tot daardie besonderhede wat ingevolge regulasie 14 op 'n houer van die betrokke landboumiddel gemerk of op 'n etiket wat aan sodanige houer geheg word, aangedui moet of kan word.

(4) 'n Advertensie mag slegs in die vorm waarin die registrateur dit goedgekeur het en binne die tydperk wat hy in elke geval bepaal, gepubliseer, versprei, op 'n skerm vertoon of uitgesaai word.

Monsters van landboumiddels

16. (1) (a) 'n Landboumiddel wat in houer verkoop word, word bemonster deur op verskillende plekke uit die voorraad van 'n bepaalde landboumiddel die getal houers te kies wat nodig is om 'n hoeveelheid van sodanige landboumiddel wat voldoende is vir 'n monster te verkry.

(b) Sodanige houers moet eenders gemerk of geëtiketteer wees en die landboumiddel daarin moet van dieselfde lot afkomstig wees.

(c) If a sample is composed of the contents of more than one container, such sample shall be thoroughly mixed before being divided in terms of section 15 (3) (c) of the Act.

(d) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), at least three sealed containers in which an agricultural remedy is sold, may also be taken as the sample of such agricultural remedy, and the containers comprising such sample shall, without being opened, be divided in terms of section 15 (3) (c) of the Act.

(2) (a) An agricultural remedy which is not sold in a container shall be sampled by taking small quantities at different places from the stock of such agricultural remedy to obtain a sufficient quantity for a sample.

(b) Such sample shall be thoroughly mixed before being divided in terms of section 15 (3) (c) of the Act.

(3) The provisions of subregulation (2) shall *mutatis mutandis* apply to the sampling of an agricultural remedy referred to in subregulation (1) prior to the packing thereof in containers, and to the sampling of an active ingredient used in the manufacture of an agricultural remedy.

(4) A certificate in terms of section 15 (4) (b) of the Act relating to a sample of an agricultural remedy which is forwarded to an analyst shall be in the form of Schedule A.

(5) A certificate in terms of section 15 (4) (b) of the Act relating to the result of a test, examination or analysis of a sample of an agricultural remedy shall be in the form of Schedule B.

(6) That part of a sample of an agricultural remedy which is referred to in section 15 (4) (c) of the Act—

(a) shall, if a certificate referred to in subregulation (5) indicates that such sample is not of the composition or efficacy specified in the application for registration of the agricultural remedy in question, or in an application in terms of regulation 4 in connection therewith, does not possess the chemical, physical or other properties so specified or does not comply with any requirements referred to in these regulations, be retained until the action arising from such certificate is concluded;

(b) may otherwise be destroyed.

Permissible deviations in active ingredient contents

17. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, an agricultural remedy shall not be deemed to deviate in its registered active ingredient contents if a certificate referred to in regulation 16 (5) in regulation to the analysis of a sample of such agricultural remedy indicates that—

(a) when it nominally contains less than 25 g of the active ingredient concerned per kg or ℓ, it deviates with not more than 15 per cent;

(b) when it nominally contains more than 25 g but less than 100 g of the active ingredient concerned per kg or ℓ, it deviates with not more than 10 per cent;

(c) when it nominally contains more than 100 g but less than 250 g of the active ingredient concerned per kg or ℓ, it deviates with not more than 6 per cent;

(d) when it nominally contains more than 250 g but less than 500 g of the active ingredient concerned per kg or ℓ, it deviates with not more than 5 per cent; or

(e) when it nominally contains more than 500 g of the active ingredient concerned per kg or ℓ, it deviates with not more than 2,5 per cent.

(c) Indien 'n monster opgemaak word van die inhoud van meer as een houer moet sodanige monster deeglik gemeng word voordat dit ingevolge artikel 15 (3) (c) van die Wet verdeel word.

(d) Ondanks die bepaling van paragraaf (a) kan minstens drie verseëlde houers waarin 'n landboumiddel verkoop word ook as die monster van sodanige landboumiddel geneem word en die houers waaruit sodanige monster bestaan, moet, sonder om oopgemaak te word, ingevolge artikel 15 (3) (c) van die Wet verdeel word.

(2) (a) 'n Landboumiddel wat nie in 'n houer verkoop word nie, word bemonster deur klein hoeveelhede op verskillende plekke uit die voorraad van sodanige landboumiddel te neem om 'n voldoende hoeveelheid vir 'n monster te verkry.

(b) Sodanige monster moet deeglik gemeng word voordat dit ingevolge artikel 15 (3) (c) van die Wet verdeel word.

(3) Die bepalings van subregulasie (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die monsterneming van 'n landboumiddel in subregulasie (1) vermeld voordat dit in houers verpak word, en op die monsterneming van 'n aktiewe bestanddeel wat gebruik word by die vervaardiging van 'n landboumiddel.

(4) 'n Sertifikaat ingevolge artikel 15 (4) (b) van die Wet met betrekking tot 'n monster van 'n landboumiddel wat aan 'n ontleder gestuur word, moet in die vorm van Bylae A wees.

(5) 'n Sertifikaat ingevolge artikel 15 (4) (b) van die Wet met betrekking tot die uitslag van 'n toets, ondersoek of ontleding van 'n monster van 'n landboumiddel moet in die vorm van Bylae B wees.

(6) Daardie deel van 'n monster van 'n landboumiddel waarna in artikel 15 (4) (c) van die Wet verwys word—

(a) moet, indien 'n sertifikaat in subregulasie (5) vermeld, aandui dat sodanige monster nie so saamgestel of so doeltreffend is as wat in die aansoek om registrasie van die betrokke landboumiddel of in 'n aansoek ingevolge regulasie 4 in verband daarmee, gespesifiseer is nie, nie die chemiese, fisiese of ander eienskappe aldus gespesifiseer, besit nie of nie aan enige vereistes in hierdie regulasies vermeld, voldoen nie, bewaar word totdat die aksie wat uit sodanige sertifikaat voortspruit, afgehandel is;

(b) kan andersins vernietig word.

Toelaatbare afwykings in die aktiewe-bestanddeel-inhoud

17. Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie regulasies, word 'n landboumiddel nie ag af te wyk van die geregistreerde inhoud van die aktiewe bestanddele nie, indien 'n sertifikaat bedoel in regulasie 16 (5) met betrekking tot die ontleding van 'n monster van sodanige landboumiddel aandui dat—

(a) wanneer dit nominaal minder as 25 g van die betrokke aktiewe bestanddeel per kg of ℓ bevat, dit nie meer as 15 persent afwyk nie;

(b) wanneer dit nominaal meer as 25 g maar hoogstens 100 g van die betrokke aktiewe bestanddeel per kg of ℓ bevat, dit nie meer as 10 persent afwyk nie;

(c) wanneer dit nominaal meer as 100 g maar hoogstens 250 g van die betrokke aktiewe bestanddeel per kg of ℓ bevat, dit nie meer as 6 persent afwyk nie;

(d) wanneer dit nominaal meer as 250 g maar hoogstens 500 g van die betrokke aktiewe bestanddeel per kg of ℓ bevat, dit nie meer as 5 persent afwyk nie;

(e) wanneer dit nominaal meer as 500 g van die betrokke aktiewe bestanddeel per kg of ℓ bevat, dit nie meer as 2,5 persent afwyk nie.

Offences and penalties

18. Any person who—

(a) operates an establishment or the undertaking at an establishment in contravention of the provisions of regulations 6,7 or 8;

(b) fails to keep the records which are required in terms of regulation 9; or;

(c) fails to comply with any other provision of these regulations which has not, in terms of section 18 of the Act, been determined as an offence;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment.

Payment of fees

19. (1) The postage and delivery costs of any application or document submitted in terms of these regulations, as well as on or of anything else pertaining thereto, shall be prepaid.

(2) Any fee payable in terms of these regulations shall be paid by means of a cheque, postal order or money order made out in favour of the Director-General: Agriculture and Fisheries: Provided that if such fee is delivered by hand it may be paid in cash.

(3) Fees which are paid in terms of these regulations shall not be refundable.

Address for submission of documents

20. Any application or document or anything else pertaining thereto, which is required in terms of these regulations to be submitted to the registrar shall—

(a) when forwarded by post, be addressed to—

The Registrar, Act 36 of 1947, Private Bag X116, Pretoria, 0001; and

(b) when forwarded by rail or delivered by hand, be addressed or delivered to—

The Registrar, Act 36 of 1947, Agriculture Building, Beatrix Street, Pretoria.

Repeal of regulations

21. The regulations published under Government Notice R. 538 of 29 March 1974 as amended by the regulations published under Government Notices R. 2296 of 11 November 1977, R. 1679 of 18 August 1978 and R. 2856 of 28 December 1979 are hereby repealed.

TABLE 1

FEES PAYABLE

No.	Purpose	Amount
1	Registration of an agricultural remedy [reg. 2 (3)]	R150 per application
2	Renewal of registration of an agricultural remedy [reg. 4 (2)]	R50 per application

TABLE 2

LD 50 VALUES FOR THE CLASSIFICATION OF AGRICULTURAL REMEDIES I.R.T. TOXICITY AND POTENTIAL HAZARDS. (REG. 12)

Group	Rat, oral, single dose, mg/kg body mass	Rabbit, dermal; 2 sites 80 mm² 4 hours, mg/kg body mass	Rat, inhalation, continuous for 1 hour, mg/litre/hour
1	2	3	4
I	50 or less; or	200 or less; or	2 or less.
II	More than 50 up to 500; or	More than 200 up to 2 000; or	More than 2 up to 20
III	More than 500 up to 5 000; or	More than 2 000 up to 20 000; or	More than 20 up to 200
IV	More than 5 000; and	More than 20 000; and	More than 200

Oortredings en strawwe

18. Iemand wat—

(a) 'n aanleg of die onderneming by 'n aanleg in stryd met die bepalings van regulasies 6, 7 of 8 bedryf;

(b) wat versuim om die aantekeninge wat ingevolge regulasie 9 vereis word, te hou; of

(c) versuim om aan enige ander bepaling van hierdie regulasies te voldoen wat nie ingevolge artikel 18 van die Wet as 'n oortreding bepaal is nie;

is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstrat.

Betaling van gelde

19. (1) Die posgeld op en afleweringkoste van 'n aansoek of stuk wat ingevolge hierdie regulasies ingedien word, asook op of van enigiets anders in verband daarmee, moet vooruitbetaal word.

(2) Gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaalbaar is, moet per tjek, posorder of poswissel wat ten gunste van die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye uitgemaak is, betaal word: Met dien verstande dat indien sodanige geld per hand afgelewer word dit in kontant betaal kan word.

(3) Gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaal is, is nie terugbetaalbaar nie.

Adres vir indiening van stukke

20. 'n Aansoek of stuk of enigiets anders in verband daarmee wat ingevolge hierdie regulasies by die registrateur ingedien moet word, moet—

(a) wanneer per pos gestuur, geadresseer wees aan—

Die Registrateur, Wet 36 van 1947, Privaatsak X116, Pretoria, 0001; en

(b) wanneer per spoor gestuur of per hand afgelewer, geadresseer wees aan of afgelewer word by—

Die Registrateur, Wet 36 van 1947, Landbougebou, Beatrixstraat, Pretoria.

Herroeping van regulasies

21. Die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 538 van 29 Maart 1974, soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 2296 van 11 November 1977, R. 1679 van 18 Augustus 1978 en R. 2856 van 28 Desember 1979, word hierby herroep.

TABEL 1

GELDE BETAALBAAR

No.	Doel	Bedrag
1	Registrasie van 'n landboumiddel [reg. 2 (3)]	R150 per aansoek
2	Hernuwing van registrasie van 'n landboumiddel [reg. 4 (2)]	R50 per aansoek

TABEL 2

LD 50-WAARDES VIR DIE KLASSIFISERING VAN LANDBOUMIDDELS M.B.T. TOKSISITEIT EN POTENSIELE GEVARE. (REG. 12)

Groep	Rot, oraal, enkel dosis, mg/kg liggaamsmassa	Konyn, dermaal; 2 plekke, 80 mm² 4 uur, mg/kg liggaamsmassa	Rot, inaseming, deurlopend vir 1 uur, mg/liter/uur
1	2	3	4
I	50 of minder; of	200 of minder, of	2 of minder.
II	Meer as 50 tot 500; of	Meer as 200 tot 2 000; of	meer as 2 tot 20
III	Meer as 500 tot 5 000; en	Meer as 2 000; en	meer as 20 en tot 200
IV			meer as 200

ANNEXURE/BYLAE A

SERIAL NUMBER
VOLGNOMMER

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947
WET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947

CERTIFICATE IN RESPECT OF THE TAKING OF SAMPLES
SERTIFIKAAT TEN OPSIGTE VAN DIE NEEM VAN MONSTERS

(To be completed in quadruplicate/Moet in viervoud voltooi word)†

It is hereby certified that the accompanying sample of *fertilizer/farm feed/agricultural remedy/stock remedy, identified by the above serial number, Hiermee word gesertifiseer dat die meegaande *misstof-/veevoedsel-/landboumiddel-/veemiddel-monster, geïdentifiseer deur bostaande volgnom-

was taken by me on
mer, deur my geneem is op .....

at
te .....

in the presence of
in die teenwoordigheid van .....
(Name of witness/Naam van getuie)

from the stocks of
van die voorrade van .....
(Name and address of seller/Naam en adres van verkoper)

PARTICULARS OF *FERTILIZER/FAMR FEED/AGRICULTURAL REMEDY/STOCK REMEDY FROM WHICH SAMPLE WAS TAKEN
BESONDERHEDE VAN *MISSTOF/VEEVOEDSEL/LANDBOUMIDDEL/VEEMIDDEL WAARVAN MONSTER GENEEM IS

1. Name of person in charge of stocks
   Naam van persoon in beheer van voorrade .....
2. Brand and name‡
   Kenmerk en naam‡ .....
3. Registration number‡
   Registrasienommer‡ ..... Act 36/1947. Wet 36/1947.
4. Class of kind‡
   Klas of soort‡ .....
5. Further particulars‡
   Verdere besonderhede‡ .....

.....

.....

6. Condition of container from which sample was taken
   Toestand van houer waaruit monster geneem is .....
7. Estimated quantity of *fertilizer/farm feed/agricultural remedy/stock remedy from which sample was taken:
   Beraamde hoeveelheid *misstof/veevoedsel/landboumiddel/veemiddel waarvan monster geneem is:

   (a) Number of containers
   Aantal houers .....
   (b) Capacity of containers
   Inhoudsmaat van houers ..... kg/ℓ
   (c) Total quantity
   Totale hoeveelheid ..... kg/ℓ
8. Remarks
   Opmerkings .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....
Signature of witness/Handtekening van getuie

.....
Signature of officer who took sample
Handtekening van beampte wat monster geneem het

* Delete whichever is not applicable/Skrap wat nie van toepassing is nie.

† One copy shall accompany each of the three parts of the sample and the fourth copy shall be kept by the officer who took the sample/Een kopie moet elk van die drie dele van die monster vergesel en die vierde kopie moet deur die beampte wat die monster geneem het, bewaar word.

‡ Shall be the particulars as indicated on the label affixed to the containers from which the sample was taken or as it is marked on such containers, or if the article which is sampled, is not sold in containers, as it appears on the invoice which is supplied together with that article/Moet die besonderhede wees soos dit aangedui is op die etiket wat aan die houers geheg is waaruit die monster geneem is of soos dit op sulke houers gemerk is, of indien die artikel wat bemonster was, nie in houers verkoop word nie, soos dit op die faktuur wat saam met daardie artikel wat verskaf word, verskyn.

University of Fort Hare
Together in Excellence

SCHEDULE/BYLAE B

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947
WET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947

CERTIFICATE OF RESULT OF ANALYSIS OR TEST OF A SAMPLE OF AGRICULTURAL REMEDY BY ANALYST
SERTIFIKAAT VAN RESULTAAT VAN ONTLEDING OF TOETS VAN 'N MONSTER VAN LANDBOUMIDDEL DEUR ONTLEDER

I, (full name)
Ek, (volle naam) .....

of
van .....

a duly appointed analyst in terms of section 14 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 'n behoorlike aangestelde ontleder ingevolge artikel 14 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels 1947 (Act 36 of 1947) do hereby make oath and state:
1947 (Wet 36 van 1947), verklaar hierby onder eed:

(a) that on ..... I received a sample of[a] ..... per[b] .....
dat ek op ..... 'n monster[a] ..... per[b] .....
for analysis and/or test;
vir ontleding en/of toets ontvang het;

(b) that the sample was labelled, sealed and marked[c]
dat die monster geëtiketteer, verseël en gemerk was[c] .....

.....

(c) that I have analised and/or tested the said sample and as a result of the analysis and/or test I found it to be constituted as follows:
dat ek die vermelde monster ontleed en/of getoets het en as gevolg van die ontledeing en/of toets ek gevind het dat dit soos volg saamgestel is:

Pure active ingredient[d]—
Suiwer aktiewe bestanddeel[d]—

g/kg or/of g/ℓ

(a) ..../.....

(b) ..../.....

(c) ..../.....

Other ingredients (if required)—
Ander bestanddele (indien vereis)—

(a) ..../.....

(b) ..../.....

(c) ..../.....

Remarks/Opmerkings .....

.....

.....

.....

Signature of Analyst
Handtekening van Ontleder

Sworn to before me at ..... on this ..... day of .....
Beëdig voor my te ..... op hierdie ..... dag van .....

The deponant acknowledges that he understands the contents of this document.
Die deponent verklaar dat hy die inhoud van hierdie dokument begryp.

.....

Justice of the Peace/Commissioner of Oaths
Vrederegter/Kommissaris van Ede

[a] State name of article as specified on label.
Vul in naam van artikel soos op etiket aangedui.

[b] Insert name of person supplying the sample and state whether it was "by hand", "by post" or "by rail".
Vul in naam van persoon wat monster verskaf het en meld of dit "per hand", "per pos" of "per spoor" geskied het.

[c] Insert distinguishing mark or number of sample
Vul in onderskeidingsmerk of nommer van die monster

[d] State the common name of the active ingredient
Vul in die gewone naam van die aktiewe bestanddeel

University of Fort Hare
Together in Excellence

NOTICE 367 OF 1981

NOTICE OF A MEETING OF CREDITORS IN TERMS OF SECTION 22 (1) OF THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966

A meeting of the undermentioned applicant and his creditors is hereby convened at the place and date mentioned hereunder for the purpose of enabling creditors to prove their claims against the applicant and of considering a proposal for a compromise by the Agricultural Credit Board.

D. W. IMMELMAN, Director-General: Agriculture and Fisheries.

Application by/Aansoek van	*Place of meeting/Plek van byeenkoms*	*Date and time/Datum en tyd*
Lienhard Lüder Reiner Rüsch, P.O. Box/Posbus 126, Potchefstroom	Office of the Magistrate, Potchefstroom/Kantoor van die Landdros, Potchefstroom	4 August/Augustus 1981 at/om 09h00

(22 May 1981/22 Mei 1981)

KENNISGEWING 367 VAN 1981

KENNISGEWING VAN 'N VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS ARTIKEL 22 (1) VAN DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966

Hierby word 'n vergadering van ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem belê, met die doel om skuldeisers in staat te stel om hul vorderings teen die applikant te bewys en 'n skikkingsvoorstel van die Landbouraad te oorweeg.

D. W. IMMELMAN, Direkteur-generaal: Landbou en Visserye.

Application by/Aansoek van	*Place of meeting/Plek van byeenkoms*	*Date and time/Datum en tyd*
Lienhard Lüder Reiner Rüsch, P.O. Box/Posbus 126, Potchefstroom	Office of the Magistrate, Potchefstroom/Kantoor van die Landdros, Potchefstroom	4 August/Augustus 1981 at/om 09h00

(22 May 1981/22 Mei 1981)

NOTICE 368 OF 1981

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application should reach the Director-General: Transport (Civil Aviation Branch), Private Bag X193, Pretoria, 0001, and the applicant within 21 days of the date of publication hereof stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE A

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE GRANT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is to be operated. (C) Particulars of air service. (i) Area to be served. (ii) Route(s) to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Frequency and time-tables to which the service will be operated. (vi) Types of training to be provided. (vii) Particulars and description of types of work to be undertaken. (viii) Tariff of charges. (D) Aircraft to be used.

(A) Metavia (Pty) Ltd, P.O. Box 1135, Nelspruit, 1200. (B) Lowveld Commuter Airlines. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Nelspruit-Jan Smuts and return. (iii) Nelspruit and Johannesburg/Jan Smuts. (iv) Passengers and freight. (v) Nelspruit-Jan Smuts one return flight daily, Mondays to Fridays: Nelspruit 06h30 Jan Smuts 07h30/17h45 Nelspruit 18h45. (viii) Nelspruit-Jan Smuts R60 single R110 return, children under two years of age not occupying a seat: 10% of adult fare. Freight and excess baggage R1 per kg or part thereof. (D) Piper PA34-200T ZS-JZX and one ten-seater aircraft.

KENNISGEWING 368 VAN 1981

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Tak Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE A

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer gaan word. (C) Besonderhede van lugdiens. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii) Basis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Frekwensie en roosters waarvolgens die diens geëksploiteer gaan word. (vi) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vii) Besonderhede en beskrywing van soort werk wat onderneem gaan word. (viii) Tariefskaal. (D) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Metavia (Edms.) Bpk., Posbus 1135, Nelspruit, 1200. (B) Lowveld Commuter Airlines. (C) Vasgestelde lugvervoerdiens. (ii) Nelspruit-Jan Smuts en retoer. (iii) Nelspruit en Johannesburg/Jan Smuts. (iv) Passasiers en vrag. (v) Nelspruit-Jan Smuts een retoervlug daagliks, Maandag tot Vrydag: Nelspruit 0630 Jan Smuts 0730/1745 Nelspruit 18h45. (viii) Nelspruit-Jan Smuts R60 enkel R110 retoer, kinders onder 2 jaar wat nie 'n sitplek inneem nie: 10% van die tarief vir volwassenes. Vrag en oorvragbagasie R1 per kg of deel daarvan. (D) Piper PA34-200T ZS-JZX en een tien-sitplek lugvaartuig.

SCHEDULE B

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Area to be served. (ii) Route(s) and frequencies to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) H. M. J. Horn, P.O. Box 480, Bellville, 7530. (B) Boland Vliegskool. (C) Flying Training Air Service Licence F866, dated 24 November 1977. (D) (iii) Fisantekraal. (v) *Ab initio* to commercial pilot's licence and conversions. (vii) Cessna 150G R30 per hour solo R38 per hour dual and Cessna 172F R40 per hour solo R48 per hour dual. Instructor R10 per hour. (E) Cessna 150G ZS-ENR and Cessna 172F ZS-EAG.

(A) Goldfields Aviation (Pty) Ltd, P.O. Box 226, Welkom, 9460. (B) Goldfields Aviation (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence F631, dated 25 May 1978. (D) (iii) Welkom. (v) *Ab initio*, advanced and night flight training.

(vii) *Aircraft type*	*Tariff: R/hour*	
	Solo	*Dual*
Piper PA28-151	50–65	55–75
Cessna A150L and Cessna 150K	45–60	50–70

(E) Piper PA28-151 ZS-JGJ, Cessna A150L ZS-IIK and Cessna 150K ZS-FXK.

(A) Grahamstown Flying Club, P.O. Box 92, Grahamstown, 6140. (B) Grahamstown Flying Club. (C) Flying Training Air Service Licence F13, dated 3 August 1978. (D) (iii) Grahamstown. (v) *Ab initio* up to private pilot, night flight and conversions to type. (vii) Cessna 150 R31 solo R36 dual. (E) Cessna 150 ZS-EGU and ZS-DTN.

(A) Matatiele Airways (Pty) Ltd, P.O. Box 42, Umkomaas, 4170. (B) Matatiele Airways (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence F591, dated 28 July 1977. (D) (iii) Matatiele. (v) Up to the standard of private pilot licence.

(vii) *Aircraft type*	*Tariff: R/hour*
Cessna U206, Cessna U206A and Cessna TU206B	80
Cessna 210-5A	70
Cessna TU206C	120
Cessna TU206	120, or 55c–65c per km.

(E) Cessna U206 ZS-EAC, Cessna U206A ZS-EJY, Cessna TU206B ZS-ERG, Cessna 210-5A ZS-WPC, Cessna TU206C ZS-FFX and Cessna TU206 ZS-EJT.

(A) Natal Flying Club, P.O. Box 20002, Durban North, 4016. (B) Natal Flying Club. (C) Flying Training Air Service Licence F37, dated 29 March 1979. (D) (iii) Durban/Virginia. (v) *Ab initio* to the standard of private pilot, commercial pilot ratings, instrument ratings, conversions to type and to multi-engined aircraft. (vii) R25 per hour solo R33 per hour dual. (E) Piper PA28R-200 ZS-VDS, Piper PA38-112 ZS-KHT, Piper PA28-151 ZS-JHW, Piper PA28-140 ZS-ISH and Piper PA28-181 ZS-JZS.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM HERNUWING VAN LISENSIES

,,spoorpakinspekteur" 'n werknemer wat spoorpakke gedurende die produksie van die pakke nagaan, die defekte pakke verwyder en hulle gereedmaak vir terugvoering, die afvalmateriaal weggooi, die omliggende terrein skoonmaak, en wat ook ander handwerkies kan doen;

,,nasiener/klerk—verpakkingsroumateriaal" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die ontvangs van voorrade verpakkingsmateriaal, toesig hou oor die stapeling daarvan, die uitreik van rou materiaal aan die botteleenhede kontroleer nadat die gehaltebeheer uitgeklaar is, alle dokumentasie voltooi met betrekking tot ontvangste en uitreikings, behoorlik aantekening hou van alle voorraadbeweging, voorraadopnamepligte uitvoer, weeklikse en maandelikse voorraadopgawes opstel, die verkoop van afvalmateriaal by verpakking hanteer en aandag gee aan die klerklike aspekte daarvan, alle dokumente prosesseer wat na die boekhouafdeling deurgestuur moet word, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

,,versorger van roumateriaalterugsendings" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die sortering en in voorraad terugplasing van verpakkingsmateriaal wat van die botteleenhede af teruggestuur word na die roumateriaalpakhuis, die tel van depositoeenhede wat aan buiteleweransiers teruggestuur moet word, wat help met die voorbereiding vir voorraadopname, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

,,veiligheidskorporaal" 'n werknemer wat skofte werk en help met die kontrolering en nagaan van alle voertuie en persone wat deur die hekke gaan en die toepassing van veiligheidsregulasies deur op die veiligheidswagte te let en onreëlmatighede aan sy meerdere te rapporteer, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

,,veiligheidswag" 'n werknemer wat skofte werk en hulp met die kontrolering en nagaan van alle voertuie en persone wat deur die hekke gaan en help om die veiligheidsregulasies op die perseel toe te pas deur die terrein en geboue te patrolleer; wat toesig hou wanneer toe spoorwegtrokke gelaai word; by die spoorweghek waghou wanneer dit snags vir treine oopgemaak word; op die uitkyk is na onreëlmatighede en dit aan sy meerdere rapporteer, wat soektogte kan lei om bv. gesteelde eiendom van die maatskappy of wapens te soek, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

,,veiligheidsersant" 'n werknemer wat skofte werk en alle voertuie en persone kontroleer en nagaan wat deur die hekke gaan, wat alle inkomende oproepe ontvang as die kantoorskakelbord toe is, alle brouerysleutels kontroleer, tee maak as dit nodig is en alle ander pligte in verband met die bedrywighede van die hekhuisie kan uitvoer;

,,senior distribusie-arbeider" 'n werknemer wat die voertuigdrywer help, toesig hou oor distribusie-arbeiders, help met die nagaan van vragte op distribusietrokke, vol kaste bier volgens handelsmerke sorteer en dit so pak dat dit by elke uitgang afgelaai kan word, kaste met leë houers sorteer en volgens paletiseerpatrone op motorvoertuie laai, toesig hou oor arbeiders in gevalle waar die werkgewer van gehuurde vervoer gebruik maak, vir die drywer die verskillende uitgange wys, sorg dat alle tersaaklike dokumente aan die klant uitgereik word, al die nodige aantekeninge vir die werkgewer hou, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

,,diens" dieselfde as ,,werk" in hierdie Ooreenkoms;

,,skof" enige agtereenvolgende werktydperk, behoudens klousules 7 en 11 van hierdie Ooreenkoms, in die loop van 'n werk-

ver to various outlets, and ensures that all relevant documents are issued to the customer as well as keeping all necessary records for the employer; and performs any other duties incidental thereto;

"service" shall have the same meaning as "employment" in this Agreement;

"shift" means any consecutive period of word, subject to the provisions of clauses 7 and 11 of this Agreement in the course of a working day which has been set by the employer for the execution of all work activities delegated to an employee, but will not be deemed to include any period of overtime as defined in clause 9 of this Agreement;

"shift despatcher" means an employee who ensures that all drivers check their loads and are supplied with the correct documentation and monitors the despatch and return of trucks and who performs certain clerical and other duties incidental thereto;

"shift worker" means an employee employed in a deaprtment which operates on either a continuous process basis or is engaged in activities spread through the major or entire portion of a 24-hour working day, and so requires workers to work from eight to nine-hour shifts with variable starting times;

"short-time" means the ordinary hours worked by an employee in an establishment when his usual number of ordinary hours of work in that establishment have, in pursuance of clause 7 (7), been temporarily reduced to less than such usual number;

"shunter" means an employee who couples and uncouples railway trucks and directs the locomotive driver and couples and uncouples the brake vacuum pipes and applies/releases mechanical hand brake, changes siding points, adheres to all safety precautions, and who performs any other duties incidental thereto;

"sighter" means an employee who inspects full or empty bottles on a moving conveyor for defective bottles, foreign bodies, inadequate labels and any other factors he is instructed to watch for, removing unsuitable bottles from the conveyor, who assists in removing obstructions on the conveyor belt and who is relieved from his duties from time to time when he will assist a process attendant;

"silk screener" means an employee who mixes paint, silk-screens onto truck tractors, trailers, or tarpaulins, cleans all silk screening equipment and paint and performs any other duties incidental thereto;

"split pallet preparer" means an employee who prepares split pallets for road and rail delivery from a loading advice and split pallet schedule supplied by his superior; maintains good housekeeping; assists with sorting of empties; gives instructions to fork-lift drivers to bring full pallets to the split pallet preparation area when needed, where to place the prepared split pallets for particular loads and who performs any other duties incidental thereto;

"spreadover" means the period of any day from the time when an employee starts work to the time when he finishes work for that day;

"stock clerk" means an employee who assists his superior in the control of fulls and empties warehouse stock, who takes physical stock daily of fulls and empties, compilation of relevant summaries, control of stock rotation, issues and receipts from bottling hall, assists in the investigation of all stock discrepancies and who performs any other duties incidental thereto;

"sweeper driver" means an employee who drives a floor-sweeping machine or similar mechanical/electrical appliance within the brewery premises and is responsible for sweeping floors in designated areas and maintaining the machine in good working condition by cleaning, oiling and reporting defects and who may also perform any other duties incidental thereto;

"temporary employee" means an employee who is employed for longer than three consecutive days in one week but not on a permanent basis and who will not be employed for longer than 13 consecutive weeks on a temporary basis;

"tool store attendant" means an employee who issues tools and consumable stores and maintenance materials and spares and re-conditioned units, tyres and tubes to artisans, artisan aides and artisan's labourers; receives consumable stores and maintenance materials, spares, reconditioned units, tyres and tubes into storage, record tool issues and completes bin cards and performs any other duties incidental thereto;

"tractor driver" means an employee who drives a tractor or similar mechanical appliance within the brewery premises on such tasks as the removal of spent hops, the transportation of pallets, pallet loads of full beer and pallet loads of empties, the transportation of coal, the towing of welders' and/or riggers' equipment and the removal of rubble and/or any other tasks incidental thereto;

"transport/garage clerk" means an employee who is engaged in the recording of kilometres per vehicle, renewal of licences

dag, wat deur die werkgewer gestel is vir die uitvoering van alle werksaamhede waarmee 'n werknemer belas is, maar wat nie geag word enige tydperk van oortyd in te sluit wat in klousule 9 van hierdie Ooreenkoms omskryf word nie";

„skofversender" 'n werknemer wat sorg dat alle drywers hul vragte nagaan en van die regte dokumentasie voorsien word, wat die afsending en terugkeer van vragmotors monitor, en sekere klerklike en ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„skofwerker" 'n werknemer werksaam in 'n afdeling wat òf op 'n grondslag van deurlopende prosesse werk òf waarvan die werksaamhede versprei is oor die grootste gedeelte van of 'n hele werkdag van 24 uur en gevolglik van werkers vereis om skofte van agt tot nege uur met wisselende aanvangstye te werk;

„korttyd" die gewone ure wat 'n werknemer in 'n bedryfsinrigting werk as sy gebruiklike getal gewone werkure in die bedryfsinrigting ingevolge klousule 7 (7) tydelik verminder is tot minder as die gebruiklike getal;

„rangeerder" 'n werknemer wat spoorwegtrokke koppel en ontkoppel, aan die lokomotiefdrywer opdragte gee, die remvakuumpype koppel en ontkoppel, meganiese handremme aanslaan/losmaak, die sylynwissels omstel, alle veiligheidsmaatreëls nakom, en alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„ondersoeker" 'n werknemer wat vol of leë bottels op 'n bewegende vervoerband inspekteer vir defekte bottels, onsuiwerhede, ontoereikende etikette en alle ander faktore waarvoor hy volgens opdrag op die uitkyk moet wees, ongeskikte bottels van die vervoerband af verwyder, help om obstruksies op die vervoerband op te ruim en wat van tyd tot tyd in sy pligte afgelos word, wanneer hy dan 'n prosesversorger moet help;

„syskermwerker" 'n werknemer wat verf meng, voorspanmotors, sleepwaens of bokseile met syskerms merk, alle syskermuitrusting en verf skoonmaak en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„voorbereider van gedeelde palette" 'n werknemer wat gedeelde palette vir pad- en spooraflewering gereedmaak volgens 'n laai-adviesbrief en gedeeldepaletstaat wat deur sy meerdere verskaf is; die huishouding goed waarneem; help om leë houers te sorteer; vurkhyswadrywers opdrag gee om, waar nodig, vol palette na die plek te neem waar gedeelde palette gereedgemaak word en waar om die gedeelde palette neer te sit wat gereed is vir besondere vragte, en alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„werkdagbestek" die tydperk of 'n dag vanaf die tydstip waarop die werknemer met werk begin tot die tydstip waarop hy op daardie dag ophou werk;

„voorraadklerk" 'n werknemer wat sy meerdere help met die kontrolering van vol en leë pakhuisvoorrade, wat daagliks 'n fisiese voorraadopname maak van vol en leë houers, tersaaklike opsommings maak, die voorraadsirkulasie kontroleer asook die uitreikings en ontvangste van die bottelsaal af, help met die ondersoek van alle voorraadongerymdhede en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„vloerveemasjiendrywer" 'n werknemer wat 'n vloerveemasjien of soortgelyke meganiese/elektriese toestel binne die brouerypersseel dryf en wat daarvoor verantwoordelik is dat die vloere in aangewese terreine gevee word en dat die masjien in 'n goeie werkende toestand gehou word deur dit skoon te maak en te olie en foute te rapporteer, en wat ook alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„tydelike werknemer" 'n werknemer wat langer as drie agtereenvolgende dae in 'n week in diens geneem word maar nie op 'n permanente grondslag nie en wat nie langer as 13 agtereenvolgende weke op 'n tydelike grondslag in diens geneem mag word nie;

„gereedskapmagasynversorger" 'n werknemer wat gereedskap en bruikvoorrade, onderhoudsmateriaal en reserwedele, vernieude eenhede, buite- en binnebande aan ambagsmanne, ambagsmanse helpers en ambagsarbeiders uitreik; bruikvoorrade, onderhoudsmateriaal, reserwedele, vernieude eenhede, buite- en binnebande in die magasyn in ontvangs neem; aantekening hou van gereedskap wat uitgereik word; opgaarbakkaarte invul, en alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„trekkerdrywer" 'n werknemer wat 'n trekker of soortgelyke meganiese toestel binne die brouerypersseel dryf of take soos draf verwyder, palette, paletvragte vol bier en paletvragte leë bottels en steenkool vervoer, sweisers- en/of takelaarsuitrusting sleep, afval verwyder en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„vervoer-/garageklerk" 'n werknemer wat die kilometers per voertuig aanteken, lisensies en derdepartyversekering hernieu, alle nuwe voertuie massameet en sorg dat hulle gelisensieer word, vervoersertifikate verkry, liaseerwerk doen, die onder-

and third party insurance, the mass-measuring and licensing of all new vehicles, obtaining transport certificates, filing, recording maintenance costs per vehicle by category and performs any other duties incidental thereto;

"tyre assistant" means an employee who checks the condition of tyres on vehicles, removes, repairs and fits tyres and tubes to wheel rims, ensures that all wheels and tyres are properly matched, adheres to all safety precautions, and performs any other duties incidental thereto;

"unqualified artisan's aide" means an employee who is engaged in, but has not yet completed the full official S.A. Brewery training programme;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clauses 4 and 8 in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 7: Provided that where an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 4, subject to the provisions of clause 8, it shall mean the higher amount, and shall include long service allowance but shall not include holiday allowance as specified in this Agreement;

"wort collector" means an employee who connects wort main; circulates caustic and hot water; cools and collects wort in FV; pitches yeast and regulates wort temperatures and aeration, fills in FV charts and any other forms required.

(2) The above definitions apply to operations varying in size and complexity. In smaller breweries or depots it may, therefore, sometimes be necessary for individuals to perform and assist in duties listed in more than one job definition.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, whenever an employee is employed on work included in any class of employment defined in subclause (1) hereof, but not on all aspects nor on all duties defined in the relevant definition of any such class, he shall nevertheless be classified as being employed in that defined class of employment in which he is wholly or mainly engaged.

houdskoste per voertuig volgens kategorie aanteken, en wat alle ander pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„buitebandassistent" 'n werknemer wat die toestande van buitebande by voertuie nagaan, buite- en binnebande verwyder, heelmaak en hulle aan wiele/ellings aansit, sorg dat alle wiele en buitebande behoorlik pas, alle veiligheidsmaatreëls nakom, en wat alle pligte uitvoer wat daarmee in verband staan;

„ongekwalifiseerde ambagsman se helper" 'n werknemer wat betrokke is by die S.A. Brouery se opleidingsprogram maar wat nog nie die volle aanptelike program voltooi het nie;

„loon" die bedrag wat ingevolge klousules 4 en 8 aan 'n werknemer betaalbaal is ten opsigte van sy gewone werkure soos in klousule 7 voorgeskryf: Met dien verstande dat waar 'n werkgewer 'n werknemer ten opsigte van sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié wat in klousule 4, behoudens klousule 8, voorgeskryf is, dit die hoër bedrag beteken, en omvat dit langdienstoelaes maar nie vakansietoelaes wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word nie;

„wortversamelaar" 'n werknemer wat die wortpypleidings aansluit; bytmiddel en warm water sirkuleer; wort in gistingskuip afkoel en versamel; wort laat gis en die temperatuur en belugting daarvan reguleer; gistingskuip- en alle ander vereiste kaarte invul.

(2) Bostaande omskrywings is van toepassing op werksaamhede wat in omvang en gekompliseerdheid van mekaar verskil. By kleiner brouerye of depots kan dit dus soms vir individue nodig wees om pligte uit te voer wat in meer as een werkomskrywing aangegee word en om daarmee te help.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms moet 'n werknemer so dikwels as wat hy in diens is op werk wat ingesluit is in 'n klas werk wat in subklousule (1) hiervan omskryf word maar nie op alle aspekte en ook nie in alle werksaamhede wat in die betrokke omskrywing van sodanige klas omskryf word nie, nogtans geklassifiseer word as werksaam in daardie omskrewe klas werk waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

4. Wages

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:

Casual labourer	R7,50 per day

Grade I

Artisan's labourer Laboratory cleaner Labourer Pallet repairer Rail pack inspector Sighter	R50,30 per week

Grade II

Bottle washer attendant Carton stitcher Caustic/Chain lube handler Change room attendant Crossing keeper Cullet handler Empties container inspector Empties/fulls relief Filler relief Fire attendant Fuel bay attendant Greaser Kitchen assistant Label cutter/Glue mixer Laundry attendant Lighting assistant Machine attendant Maltings process labourer team leader Materials handler assistant—brewhouse Materials handler assistant—fermenting Mechanic's assistant Messenger Pallet inspector Partition inspector Pasteuriser discharge/FBI and decant attendant	R55,95 per week

4. Lone

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elke lid van ondergenoemde klasse van sy werknemers moet betaal, is soos hieronder uiteengesit:

Los arbeider	R7,50 per dag

Graad I

Ambagsman se arbeider Laboratoriumskoonmaker Arbeider Paletheelmaker Spoorpakinspekteur Ondersoeker	R50,30 per week

Graad II

Bottelwasmasjienversorger Kartonstikker Hanteerder van bytmiddel/kettingsmeerolie Kleedkamerbediende Oorgangwag Afvalglashanteerder Inspekteur van lee houers Afloswerker by lee/vol houers Vultoestelafloswerker Stoker Versorger van brandstofvulstasie Smeerder Kombuisassistent Etiketsnyer/Lymmenger Wasseryeversorger Verligtingsassistent Masjienversorger Mouteryprosesarbeider—spanleier Materiaalhanteerder se assistent—brouhuis Materiaalhanteerder se assistent—gisting Werktuigkundige se assistent Bode Peletinspekteur Afskortingsinspekteur Toesighouer oor pasteuriseerderafvoer/VBI-masjien en afgietwerk	R55,95 per week

University of Fort Hare
Together in Excellence

Process attendant—	
Amstel	
blenders	
brewhouse	
bright beer	
dropping	
fermenting (section A)	
hop milling	
kilning and grading	
spent grain	
steeping	
tank cleaning	
tankers	R55,95 per week
yeast pitching	
Protective clothing attendant	
Racking machine cask attendant	
Racking machine filling attendant	
Raw materials returns attendant	
Security guard	
Senior distribution labourer	
Silk screener	
Split pallet preparer	
Tool store attendant	
Tyre assistant	

Grade III

Battery man	
Boiler attendant	
Brewhouse material handler	
Brush hand	
Cook	
Drain cleaner	
Duty driver	
Engine room attendant	
Ganz operator	
Labeller operator	
Laboratory assistant—brewing	
Laboratory assistant—packaging	
Material handler—cellers	R64,00 per week
Motor cycle messenger	
Printing machine attendant	
Process attendant—	
centrifuge	
fermenting (section B)	
filtration	
milling	
yeast recovery	
Security corporal	
Shunter	
Sweeper driver	
Tractor driver	
Unqualified artisan's aide	

Grade IV

Administrative clerk	
Artisan's aide	
Brewhouse material handling team leader	
Checker	
Engine room operator	
Filing clerk—distribution/warehouse	
Filler operator	R76,75 per week
Forklift truck driver	
General handyman	
Laboratory assistant—seams	
Process operator—dropping	
Process operator—drip and primings	
Security sergeant	
Wort collector	

Grade V

Boiler operator	
Distribution motor vehicle driver	
First-aid orderly	
Laboratory technician—packaging	
Leading hand—	
cleaning crew	
maturation	
packaging	R90,55 per week
packaging materials	
racking plant	
Maltings/overseer	
Shift despatcher	
Transport/Garage clerk	

Prosesversorger—	
Amstel	
mengelaars	
brouhuis	
helderbier	
verplasing	
gisting (seksie A)	
hopmaal	
oond- en graderingswerk	
draf	
weking	
tenkskoonmaak	
tenkwaens	R55,95 per week
gismenging	
Versorger van beskermende klere	
Tapbiermasjienvatversorger	
Tapbiermasjienvulversorger	
Versorger van roumateriaalterugsendings	
Veiligheidswag	
Senior distribusie-arbeider	
Syskermwerker	
Voorbereider van gedeelde palette	
Gereedskapmagasynversorger	
Buitebandassistent	

Graad III

Batteryman	
Ketelversorger	
Hanteerder van brouhuismateriaal	
Grofskilder	
Kok	
Rioolskoonmaker	
Diensdrywer	
Enjinkamerversorger	
Ganzbediener	
Etiketteermasjienbediener	
Laboratoriumassistent—brou	
Laboratoriumassistent—verpakking	
Materiaalhanteerder—kelders	
Motorfietsbode	R64,00 per week
Drukmasjienversorger	
Prosesversorger—	
sentrifuge	
gisting (seksie B)	
filtrering	
maal	
gisherwinning	
Veiligheidskorporaal	
Rangeerder	
Vloerveemasjiendrywer	
Trekkerdrywer	
Ongekwalifiseerde ambagsman se helper	

Graad IV

Administratiewe klerk	
Ambagsman se helper	
Spanleier wat brouhuismateriaal hanteer	
Nasiener	
Enjinkamerbediener	
Liasseerklerk—distribusie/magasyn	
Vultoestelbediener	
Vurkhyswadrywer	R76,75 per week
Algemene faktotum	
Laboratoriumassistent—naatvorming	
Prosesbediener—bierverplasing	
Prosesbediener—drupbier en suikerbyvoeging	
Veiligheidsersant	
Wortversamelaar	

Graad V

Ketelbediener	
Drywer van 'n distribusiemotorvoertuig	
Eerstehulpman	
Laboratoriumtegnikus—verpakking	
Spanleier—	
skoonmaakspan	
veroudering	R90,55 per week
verpakking	
verpakkingsmateriaal	
tapbiereenheidseksie	
Mouterytoesighouer	
Skofversender	
Vervoer-/garageklerk	

University of Pretoria
Together in Excellence

Grade VI

Leading hand— brewhouse; cellars Locomotive driver Process operator— filtration; bottling hall Raw materials checker/clerk Stock clerk Inter-depot shift radio operator	R97,30 per week

Grade VII

Artisan	R120,00 per week

(2) Nothing in this Agreement shall operate to reduce the wage rate of an employee in the Industry who at any time prior or subsequent to the date on which this Agreement comes into operation was or may be paid wages at a rate higher than the minimum rate provided in this Agreement and such employee shall continue to be paid and be entitled to receive wages at a rate of not less than such higher rate as if such higher rate were the minimum wage in respect of such employee while employed by the same employer.

(3) Nothing in this Agreement shall operate to prevent an employer and his employee from agreeing that such employee be remunerated monthly in which case the minimum monthly wage rate of such employee shall be calculated in accordance with the definitions of "wage" and "monthly wage" in clause 3 of this Agreement.

5. Special Allowances

(A) *Long service allowance*

(1) In addition to the wage prescribed in clause 4 of this Agreement, every employee engaged in an occupation detailed in clause 4 and defined in clause 3 of this Agreement, shall be entitled to and shall be paid a long service allowance subject to the following conditions:

	Grade						
	I	II	III	IV	V	VI	VII
	R	R	R	R	R	R	R
	Per week						
After 5 years	1,28	1,28	1,46	1,66	2,53	2,73	3,08
After 10 years	2,56	2,56	2,92	3,32	5,06	5,56	6,16
After 15 years	3,84	3,84	4,38	4,98	7,59	8,19	9,24

(2) For the purpose of computing the long service allowance, continuous service shall include periods of authorised absence in terms of clause 12 (1) *(g)*: Provided that authorised unpaid absence shall not exceed two weeks per annum.

(B) *Holiday allowance*

(1) Every employee in Grades I to VII inclusive shall be paid for each completed year of continuous service with the same employer a holiday allowance equal to his actual weekly wage multiplied by two, to be paid on the pay-day preceding the start of his period of annual leave together with the accrued ordinary annual leave pay due to him in accordance with the provisions of clause 12. The period of continuous service with the same employer shall be calculated on the same basis as set out in subclause (A) (2) of this clause.

(2) In the event of an employee terminating his contract of service with an employer, or *vice versa*, the accrued holiday allowance shall not be paid to the employee, who shall then only receive the accrued annual leave pay to which he is entitled under clause 12 (1) *(d)* of this Agreement: Provided that the provisions of this clause shall not apply in the case of an employee whose contract of service with an employer is terminated owing to his having reached the retiring age as determined by the pension schemes of the individual employers.

(3) If an employee, other than an employee who is acting in a higher grade position, has been engaged in more than one occupation during the period of 12 months preceding the date on which his annual leave becomes due and these occupations are in different grades in terms of clause 4, his holiday allowance shall be determined by the wage he is receiving immediately prior to going on leave.

Graad VI

Spanleier— brouhuis; kelders Lokomotiefdrywer Prosesbediener— filtrering; bottelsaal Nasiener/klerk—verpakkingsroumateriaal Voorraadklerk Interdepot-skofradiobediener	R97,30 per week

Graad VII

Ambagsman	R120,00 per week

(2) Niks in hierdie Ooreenkoms mag die uitwerking hê dat dit die loon verminder van 'n werknemer in die Nywerheid wat te eniger tyd voor of na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, 'n hoër loon as die minimum loon wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, betaal is of betaal kan word nie, en sodanige werknemer moet, terwyl hy by dieselfde werkgewer werksaam is, steeds die loon betaal word, en geregtig wees om dit te ontvang, wat minstens gelyk is aan sodanige hoër loon, asof sodanige hoër loon die minimum loon ten opsigte van sodanige werknemer is.

(3) Niks in hierdie Ooreenkoms mag die uitwerking hê dat dit 'n werkgewer en sy werknemer belet om ooreen te kom dat sodanige werknemer maandeliks besoldig word nie, en in dié geval moet die minimum maandloon van sodanige werknemer bereken word ooreenkomstig die omskrywing van „loon" en „maandloon" in klousule 3 van hierdie Ooreenkoms.

5. Spesiale Toelaes

(A) *Langdienstoelae*

(1) Benewens die loon wat in klousule 4 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, is elke werknemer in 'n beroep in klousule 4 gemeld en in klousule 3 van hierdie Ooreenkoms omskryf geregtig op 'n toelae vir lang diens en moet sodanige toelae, behoudens die volgende voorwaardes, aan hom betaal word:

	Grade						
	I	II	III	IV	V	VI	VII
	R	R	R	R	R	R	R
	Per week						
Na 5 jaar	1,28	1,28	1,46	1,66	2,53	2,73	3,08
Na 10 jaar	2,56	2,56	2,92	3,32	5,06	5,46	6,16
Na 15 jaar	3,84	3,84	4,38	4,98	7,59	8,19	9,24

(2) Ten einde die langdienstoelae te bereken, moet ononderbroke diens alle tydperke van gemagtigde afwesigheid ingevolge klousule 12 (1) *(g)* insluit: Met dien verstande dat gemagtigde afwesigheid sonder besoldiging hoogstens twee weke per jaar mag wees.

(B) *Vakansietoelae*

(1) Elke werknemer in grade I tot en met VII moet vir elke voltooide jaar ononderbroke diens by dieselfde werkgewer 'n vakansietoelae betaal word gelyk aan sy werklike weekloon vermenigvuldig met twee, en dié bedrag moet betaal word op die betaaldag wat die aanvag van sy tydperk van jaarlikse verlof voorafgaan, tesame met die opgelope gewone jaarlikse verlofbesoldiging wat ooreenkomstig klousule 12 aan hom verskuldig is. Die tydperk van ononderbroke diens by dieselfde werkgewer moet bereken word op dieselfde grondslag as wat in subklousule (A) (2) van hierdie klousule uiteengesit word.

(2) Ingeval 'n werknemer sy dienskontrak by 'n werkgewer beëindig, of omgekeerd, word die vakansietoelae wat aan hom toeval, nie aan die werknemer betaal nie en ontvang hy slegs die jaarlikse verlofbesoldiging wat aan hom toeval en waarop hy kragtens klousule 12 (1) *(d)* van hierdie Ooreenkoms geregtig is: Met dien verstande dat hierdie klousule nie van toepassing is nie in die geval van 'n werknemer wie se dienskontrak met die werkgewer beëindig word omdat hy die aftreeleeftyd bereik het soos vasgestel deur die pensioenskemas van die individuele werknemers.

(3) As 'n werknemer, uitgesonderd 'n werknemer wat in 'n hoër graad optree, gedurende die tydperk van 12 maande voor die datum waarop sy jaarlikse verlof verskuldig word in meer as een beroep werksaam was en dié beroepe ingevolge klousule 4 in verskillende grade val, word sy vakansietoelae bepaal volgens die loon wat hy ontvang onmiddellik voordat hy met verlof gaan.

University of Fort Hare

(C) *Quick change-over allowance*

(1) Whenever, owing to unforeseen circumstances, the normal shift programme for employees has to be changed with less than 48 hours' notice to such employees, the employees affected by such quick change-over shall be paid at double the normal rates for the first two shifts after such quick change-over.

(2) In the case of a continuous shift worker a change in the normal shift programme shall only constitute a quick change-over when the shift is changed from day shift to night shift or *vice versa*.

6. Payment of Earnings

(1) *(a)* Wages, overtime and any ditional allowances, except holiday allowance as defined in clause 5, shall be paid in cash/per cheque weekly/monthly as determined by the establishment, or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay-day of the establishment.

(b) Casual employees shall be paid the total remuneration due to them on termination of employment.

(c) All payments to employees shall be made in sealed envelopes or other containers on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing the employer's name, the employee's name and his number on the pay-roll or clock-card; the employee's occupation, wage and grade as detailed in clause 4, subject to the provisions of clause 3 and 8; the number of ordinary hours worked by the employee; the number of overtime hours worked by the employee; the number of hours worked by the employee on a Sunday, a public holiday or during his off-period: separately specified details of the amounts due to the employee in respect of wages, special allowances (other than long service allowance and holiday allowances), night-shift allowances, Sunday work, public holiday work, off-period work and overtime; the details of any deductions made; the actual amount paid to the employee and the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee.

(2) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer: Provided that this subclause shall not apply in respect of a training scheme to which the employer is legally required to contribute.

(3) No deductions of any description other than the following shall be made from remuneration due to an employee:

(a) Except where otherwise provided in this Agreement, whenever an employee is absent from work other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the total remuneration which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof, which includes the wage specified in clause 4 of this Agreement and any special allowance which he is normally entitled to as specified in clauses 5 and 11;

(b) with the written consent of the employee, deductions for contributions to a pension fund, medical and benefit fund, or the S.A. Breweries Limited Medical Aid Society;

(c) levies in terms of clause 15 of this Agreement;

(d) with the wirtten consent of the employee, deductions for subscriptions to the Witwatersrand Brewery Employees' Union;

(e) where an employer is legally or by order of any competent court required or permitted to make payment for or on behalf of any employee, any amount so paid;

(f) with the written consent of the employee, deductions for insurance and savings accounts and staff savings scheme organised by the employer for his employees;

(g) subject to subclause (1) of this clause, with the wirtten request of the employee and at the descretion of the employer, weekly deductions to pay for monthly rentals of a house rented by the employee: Provided that such deductions shall not exceed one quarter of the total remuneration due to such employee at the end of each working week;

(h) a deduction for any money lent by the employer to his employee: Provided that such deductions, if allowed on a weekly basis, shall not exceed one third of the total remuneration due at the end of the working week to such employee: Provided further that in the event of an employee terminating his services with the company, the provision of this paragraph shall fall away and the employer shall be authorised to deduct in full the balance of money lent to the employee;

(i) a deduction for rental due to the employer in respect of property owned by the employer and occupied by the employee;

(C) *Snelwisselingstoelae*

(1) Wanneer die gewone skofprogram van werknemers as gevolg van onvoorsiene omstandighede met minder as 48 uur kennisgewing aan dié werknemers verander moet word, moet die werknemers wat deur dié snelwisseling geraak word, besoldig word teen twee maal die gewone loon vir die eerste twee skofte ná die snelwisseling.

(2) In die geval van 'n skofwerker wat 'n ononderbroke skof werk, is 'n verandering in die gewone skofprogram 'n snelwisseling slegs as die skof van dag- in nagskof verander word, of omgekeerd.

6. Betaling van Verdienste

(1) *(a)* Lone, oortydbesoldiging en alle bykomende toelaes, behalwe vakansietoelae soos in klousule 5 omskryf, moet weekliks/maandeliks in kontakt/per tjek betaal word, al na die bedryfsinrigting bepaal, of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting plaasvind.

(b) Die totale besoldiging wat aan los werknemers verskuldig is, moet by diensbeëindiging aan hulle betaal word.

(c) Alle bedrae wat aan werknemers betaal word, moet oorhandig word in verseëlde koeverte of ander houers waarop die volgende inligting opgeteken is of waarby 'n staat met dié inligting daarop moet gaan: Die werkgewer se naam; die werknemer se naam en sy nommer op die betaalstaat of klokkaart; die werknemer se beroep, loon en graad soos in klousule 4 uiteengesit, behoudens klousules 3 en 8; die getal gewone ure deur die werknemer gewerk; die getal oortydure deur die werknemer gewerk; die getal ure deur die werknemer op 'n Sondag, 'n openbare vakansiedag of gedurende sy vry periode gewerk; afsonderlik gespesifiseerde besonderhede van die bedrae aan die werknemer verskuldig ten opsigte van lone, spesiale toelaes (uitgesonderd langdienstoelaes en vakansietoelaes), nagskoftoelaes, werk op Sondae, werk op openbare vakansiedae, werk gedurende vry periodes, en oortyd; besonderhede van alle aftrekkings gedoen; die werklike bedrag aan die werknemer betaal en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gedoen word;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie besonderhede opgeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer.

(2) 'n Werkgewer mag geen premie vir die opleiding van 'n werknemer vra of aanneem nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n opleidingskema waartoe daar van die werkgewer regtens vereis word om by te dra.

(3) Geen bedrae hoegenaamd, uitgesonderd die volgende, mag van die besoldiging wat aan 'n werknemer verskuldig is, afgetrek word nie:

(a) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, wanneer 'n werknemer van sy werk afwesig is, uitgesonderd op las of op versoek van sy werkgewer, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die totale besoldiging wat die werknemer ten opsigte van sy gewone werkure ten tyde daarvan ontvang het, met inbegrip van die loon in klousule 4 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, en alle spesiale toelaes in klousules 5 en 11 voorgeskryf waarop hy gewoonlik geregtig is;

(b) met die skriftelike toestemming van die werknemer, bydraes aan 'n pensioenfonds, mediese en bystandsfonds of die S.A. Breweries Limited Medical Aid Society;

(c) heffings ingevolge klousule 15 van hierdie Ooreenkoms;

(d) met die skriftelike toestemming van die werknemer, bedrae aan ledegeld vir die Witwatersrand Brewery Employees' Union;

(e) wanneer daar regtens of op bevel van 'n bevoegde hof van 'n werkgewer vereis of hy toegelaat word om ten behoewe van 'n werknemer 'n bedrag te betaal, die bedrag aldus betaal;

(f) met die skriftelike toestemming van die werknemer, bedrae vir versekering en spaarrekenings en vir personeelspaarskemas wat die werkgewer vir sy werknemers reël;

(g) behoudens subklousule (1) van hierdie klousule en op die skriftelike versoek van die werknemer en na goeddunke van die werkgewer, weeklikse aftrekkings om die maandelikse huur van 'n huis wat die werknemer huur, te betaal: Met dien verstande dat dié bedrae hoogstens een kwart is van die totale vergoeding wat aan die einde van elke werkweek aan die werknemer verskuldig is;

(h) 'n bedrag vir alle geld deur die werkgewer aan sy werknemer geleen: Met dien verstande dat dié bedrae, indien hulle op 'n weeklikse grondslag afgetrek word, hoogstens een derde is van die totale besoldiging aan die einde van die werkweek aan sodanige werknemer verskuldig: Voorts met dien verstande dat, ingeval 'n werknemer sy diens by die maatskappy beëindig, die bepaling van hierdie paragraaf verval en die werkgewer gemagtig is om die volle saldo van die geld wat aan die werknemer geleen is, af te trek;

(i) 'n bedrag aan huurgeld aan die werkgewer verskuldig ten opsigte van eiendom wat aan die werkgewer behoort en deur die werknemer geokkupeer word;

(j) a deduction for board and lodging subject to the following provisions, namely: No employee shall be required as part of his contract of service to board and/or lodge with his employer or to purchase any goods or hire any property from his employer or from any person nominated by him;

(k) a deduction not exceeding 70 per cent of the cost of any protective clothing and equipment supplied by the employer to his employee which the employee loses or fails to return on the termination of his services: Provided that adequate locking facilities for the storage of the protective clothing are available on the employer's premises;

(l) whenever, in pursuance of clause 7 (7), short-time is introduced in an establishment, a deduction of an amount equivalent to his hourly wage may be made in respect of each hour of the reduction in the ordinary hours of work: Provided that—

(i) no deduction shall be made in respect of the first hour of the reduction in the ordinary hours of work caused by a general breakdown of plant and machinery owing to accident or other unforeseen emergency;

(ii) in the case of short-time owing to slackness of trade no deduction shall be made unless the employer has given his employee not less than 24 hours' notice of his intention to introduce short-time;

(m) deductions in terms of clause 13 (3) *(b)* of this Agreement.

7. Hours of Work

(1) The ordinary working hours of any employee, other than a shift worker engaged in a continuous shift, distribution and warehouse employees, shall not exceed nine hours per day from Monday to Friday or a total of 45 hours in any week.

(2) The ordinary working hours of a shift worker engaged in a continuous shift shall not exceed eight hours per shift or 45 hours per week.

(3) The ordinary working hours of distribution and warehouse employees shall be 45 hours per week from Monday to Friday and may be allocated in a spread-over not exceeding 11 hours per day.

(4) No employee, other than a shift worker engaged in a continuous shift and distribution and warehouse employees, shall work for a continuous period of more than five hours without an uninterrupted interval of at least one hour. If employees, other than shift workers engaged in a continuous shift or distribution and warehouse employees, work for an uninterrupted period of five hours or less, a minimum uninterrupted period of 30 minutes shall be granted to these employees after such period of five hours or less: Provided that for the purposes of this subclause, the period of overtime worked before or after ordinary hours of work commence, shall not be taken into account for the purposes of calculating intervals.

(5) Each shift worker engaged on a continuous shift shall be given an opportunity of partaking of food during working hours and such period shall be counted as time worked.

(6) No employer shall required or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00; or

(b) after 13h00 on more than five days in any week.

(7) When, by reason of slackness of trade, shortage of raw materials, or a general breakdown of plant or machinery caused by accident or other unforseen circumstances, an employer is unable to keep his ployees employed for the number of ordinary hours of work per week usually worked in his establishement, the employer may, subject to the provisions of clause 6 (3) *(l)*, employ his employees on short-time, but not exceeding the period of such slackness of trade, shortage of raw materials or general breakdown of plant or machinery.

8. Differential Rates and Other Conditions

(1) *(a)* Subject to the provisions hereinafter contained, an employee may be required to perform duties other than those on which he is normally engaged and shall be paid at the rate laid down for his normal occupation.

(b) If a higher wage is payable in respect of such other duties and the employee performs such duties for a period or periods in any one shift which equals or exceeds one half of such shift, the employee shall be paid at the appropriate higher rate for the while of such shift.

(c) The provisions of paragraph *(b)* of this subclause shall not apply to an employee while acting as a substitute for another employee who is off duty for an authorised rest or meal period.

(d) The provisions of paragraph *(b)* shall furthermore not apply in respect of any period during which the employee is undergoing

(j) 'n bedrag vir kos en inwoning, behoudens die volgende voorwaardes, naamlik: Daar mag nie as deel van die dienskontrak van 'n werknemer van hom vereis word om van sy werkgewer kos en/of inwoning aan te neem nie, of om van sy werkgewer of van enigiemand wat deur hom aangewys word, goedere te koop of eiendom te huur nie;

(k) 'n bedrag van hoogstens 70 persent van die koste van alle beskermende klere en uitrusting wat die werkgewer aan sy werknemer verskaf en wat die werknemer verloor of nie by diensbeëindiging terugbesorg nie: Met dien verstande dat daar voldoende toesluitfasiliteite vir die berging van die beskermende klere op die werkgewer se perseel beskikbaar is;

(l) as korttyd ingevolge klousule 7 (7) in 'n bedryfsinrigting ingevoer word, kan 'n bedrag gelyk aan die werknemer se uurloon afgetrek word vir elke uur van die vermindering van die gewone werkure: Met dien verstande dat—

(i) geen bedrag afgetrek mag word vir die eerste uur van die vermindering van die gewone werkure nie wat veroorsaak word deur 'n algemene onklaarraking van die installasie en masjinerie weens 'n ongeluk of ander onvoorsiene noodtoestand;

(ii) geen bedrag ingeval van korttyd weens 'n slapte in die bedryf afgetrek mag word nie tensy die werkgewer sy werknemer minstens 24 uur kennis gegee het van sy voorneme om korttyd in te voer;

(m) aftrekkings ingevolge klousule 13 (3) *(b)* van hierdie Ooreenkoms.

7. Werkure

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker wat 'n ononderbroke skof werk, distribusie- en magasynwerknemer is hoogstens nege uur per dag van Maandag tot Vrydag of 'n totaal van 45 uur in 'n week.

(2) Die gewone werkure van 'n skofwerker wat 'n ononderbroke skof werk, is hoogstens agt uur per skof of 45 uur per week.

(3) Die gewone werkure van 'n distribusie- en magasynwerknemer is 45 uur per week vanaf Maandag tot Vrydag en kan in 'n werkdagbestek van hoogstens 11 uur versprei word.

(4) Geen werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker wat 'n ononderbroke skof werk, en distribusie- en magasynwerknemers, mag vir 'n ononderbroke tydperk van langer as vyf uur werk sonder 'n ononderbroke pouse van minstens een uur nie. Indien werknemers, uitgesonderd skofwerkers wat 'n ononderbroke skof werk of distribusie- en magasynwerknemers, vir 'n ononderbroke tydperk van vyf uur of minder werk, moet 'n minimum ononderbroke tydperk van 30 minute aan sodanige werknemers toegestaan word ná dié tydperk van vyf uur of minder: Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie subklousule die tydperk wat oortyd gewerk word voordat of nadat die gewone werkure begin, in berekening gebring moet word wanneer die pouses bereken word.

(5) Elke skofwerker wat 'n ononderbroke skof werk, moet die geleentheid gebied word om gedurende werkure voedsel te nuttig, en dié tydperk moet geag word tyd gewerk te wees.

(6) Geen werkgewer mag van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie; of

(b) na 13h00 op meer as vyf dae in 'n week te werk nie.

(7) As 'n werkgewer weens 'n slapte in die bedryf, tekort aan grondstowwe of 'n algemene onklaarraking van die installasie of masjinerie as gevolg van 'n ongeluk of ander onvoorsiene omstandighede nie in staat is om sy werknemers die gewone getal werkure per week wat daar gewoonlik in die bedryfsinrigting gewerk word aan die gang te hou nie, kan hy, behoudens klousule 6 (3) *(l)*, sy werknemers op korttyd aan die gang hou, maar nie langer as wat dié slapte in die bedryf, tekort aan grondstowwe of algemene onklaarraking van die installasie of masjinerie duur nie.

8. Differensiële Lone en Ander Voorwaardes

(1) *(a)* Behoudens die bepalings hieronder vervat, kan daar van 'n werknemer vereis word om ander pligte te verrig as dié wat hy gewoonlik verrig, en moet hy betaal word teen die skaal wat vir sy gewone beroep voorgeskryf is.

(b) Indien 'n hoër loon betaalbaar is ten opsigte van sodanige ander pligte en die werknemer dié pligte verrig vir 'n tydperk of tydperke gedurende 'n bepaalde skof wat gelyk is aan of langer is as die helfte van die skof, moet die werknemer vir die hele sodanige skof teen die toepaslike hoër skaal betaal word.

(c) Paragraaf *(b)* van hierdie subklousule is nie van toepassing op 'n werknemer terwyl hy waarneem as plaasvervanger vir 'n ander werknemer wat van diens af is gedurende 'n gemagtigde rus- of etenspouse nie.

(d) Paragraaf *(b)* is daarbenewens nie van toepassing ten opsigte van 'n tydperk waarin die werknemer *bona fide*-opleiding ondergaan

bona fide training to qualify him for the performance of a higher grade job: Provided that—

(i) the employer has maintained proper administrative records to indicate the date of commencement and the expected date of termination of the period of the training in question;

(ii) such training does not exceed a period of three consecutive calendar months for employees training for occupations listed under Grade I of clause 4 of this Agreement, or a period of six consecutive calendar months for employees training for occupations listed under Grades II and III in the said clause 4, or a period of 12 consecutive calendar months for employees training for occupations listed under Grades IV, V, VI and VII in the said clause 4;

(iii) if in any particular case the employer considers, after the expiry of one third of the relevant maximum period of training, that the employee in question is not performing his duties satisfactorily, he shall inform the employee of this fact, and if after the expiry of two thirds of the relevant maximum training period the employer considers that the employee is still performing his duties unsatisfactorily, the training of the said employee shall be discontinued forthwith and the said employee shall not thereafter be required or permitted to act as a substitute for an employee whose duties include any of the duties in the performance of which the said employee underwent training as aforesaid.

(2) Nothwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, whenever an employee is employed in more than one occupation and these occupations are in different grades in terms of clause 4, such employee shall, if he is employed for half or more of his time on an occupation or occupations in a higher grade, be classified and remunerated at the rate applicable to such higher grade.

om hom te kwalifiseer vir die verrigting van werk van 'n hoër graad nie: Met dien verstande dat—

(i) die werkgewer behoorlik administratiewe aantekening gehou het om die aanvangsdatum en die verwagte einddatum van die onderhawige opleidingstydperk aan te dui;

(ii) sodanige opleiding 'n typerk van hoogstens drie agtereenvolgende kalendermaande beloop vir werknemers wat opleiding ondergaan vir beroepe genoem onder graad I van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms, of 'n tydperk van ses agtereenvolgende kalendermaande vir werknemers wat opleiding ondergaan vir beroepe genoem onder grade II en III in genoemde klousule 4, of 'n tydperk van 12 agtereenvolgende kalendermaande vir werknemers wat opleiding ondergaan vir beroepe genoem onder grade IV, V, VI en VII van genoemde klousule 4;

